# Wie is Jesus Werklik?

## Drie Briewe van Johannes



Louis Nel

# Wie is Jesus Werklik?

## Oordenkinge oor die drie briewe van Johannes

**Louis Nel**

Mei 2024

Mosbolletjie Boeke

www.dagstukkie.co.za

# Inhoud


___**Voorwoord**

1. **Die Ware Jesus?** Inleiding
2. **Stille Nag** - 1 Johannes 1:1
3. **Jesus Is Lewe** - 1 Johannes 1:1-4
4. **Lig en Duisternis** - 1 Johannes 1:5-2:2
5. **Ken Jy God? -** 1 Johannes 2:3-11
6. **Lied Vir Jou** - 1 Johannes 2:12-17
7. **Antichriste en Gelowiges** - 1 Johannes 2:18-27
8. **Drakensberge** - 1 Johannes 2:28-3:10
9. **Broederliefde** - 1 Johannes 3:11-17
10. **Gewetenswroeging** - 1 Johannes 3:18-24
11. **Vals Profete** - 1 Johannes 4:1-6
12. **Ware Liefde** - 1 Johannes 4:7-12
13. **Vrees** - 1 Johannes 4:13-18
14. **Sigbare Liefde** - 1 Johannes 4:19-5:5
15. **Onsekerheid**_- 1 Johannes 5:6-13
16. **Gebed** - 1 Johannes 5:14-21
17. **Net 'n Kort Briefie** - 2 Johannes
18. **Gasvryheid** - 3 Johannes:1-8
19. **Leef wat jy in Glo** - 3 Johannes:9-15

# 0

# Voorwoord

Ons ganse geloof is geweef rondom die vraag: “Wie is Jesus nou éintlik?” Vir elke Christen-gelowige is hierdie vraag allesbepalend. Johannes gee die antwoord helder en duidelik, dat Jesus God én mens is, en hierdie gedagte gee vandag nog betekenis aan elke gelowige se bestaan.

Om egter slegs te glo dat Jesus bestaan en dat Hy God is, maak nog nie van jou ‘n gelowige nie - die duiwel glo dit ook! ‘n Lewende verhouding met Jesus is egter die antwoord. So ‘n verhouding is ook nie alleen ‘n innerlike ding nie, maar jou geloof moet sigbaar word in jou alledaagse lewe. Jou belydenis en jou optrede moet getuig van wat jy waarlik glo.

Dit is eers wanneer jy begin om liefde te leef op ‘n manier wat ander mense se lewens fisies positief raak, wat jou geloof ‘n werklikheid word. Jou liefdesoptrede maak in werklikheid vir God sigbaar op aarde.

Hierdie reeks dagstukkies is nie bedoel om ‘n in-diepte Bybelstudie te wees oor die briewe van Johannes nie. Hiermee het ek egter probeer om die gedagtes te prikkel om meer te leer van Jesus en om liefde uit te leef.

Louis Nel

# 1

# Die Ware Jesus?

# Inleiding tot 1 Johannes

**VIDEO | OUDIO**

Dit is die jaar 90nC. Met bewende hand sit ‘n stokou man, diep in sy negentigs, in diepe bepeinsing met pen in die hand. In sy gedagtes maal die vraag: “Hoe is dit moontlik dat hulle my boek verkeerd kon interpreteer? Ek sal dit net eenvoudig duideliker vir hulle moet uitspel!”

Johannes, die “geliefde dissipel” en jongste van Jesus se twaalftal, doop die gansveer in die inkpotjie. Vyf jaar gelede het hy sy boek begin met die woorde: “*In die begin was die Woord.....*” Waarom sal hy dan allerhande fieterjasies en mooi woordjies gebruik? Hy sal dit weer presies op dieselfde wyse stel want dit gaan immers oor Jesus en Wie Hy is! “*Wat van die begin af was,*” skryf Johannes.

"Wie is Jesus waarlik? Hoe kan ek nog duideliker vir almal vertel wie Hy is? Daar's 'n

klomp dwalinge rondom hierdie vraag! Ja, daar's maar net één genade: ek sal dit in 'n brief vir die mense móét verduidelik!"

"..... *wat ons met ons oë gesien het, wat ons aandagtig bekyk het en wat ons hande aangeraak het aangaande die Woord van die Lewe, dit verkondig ons aan julle.*" Johannes se gedagtes gaan baie ver terug en 'n glimlag speel om sy mondhoeke. "Dit was sestig jaar gelede al! Kan dit werklik ooit so lank wees? Maar een ding is seker: ek het Hom daardie tyd persoonlik beleef!"

Vandag is daar stééds dwalinge oor wie Jesus waarlik is. Die antwoord is allesbepalend vir elke gelowige want rondom Jesus se identiteit is ons ganse geloof geweef! Johannes skryf dat Jesus God én mens is en dit gee vandag betekenis aan elke gelowige se bestaan.

Natuurlik is dit baie belangrik om te glo dat Jesus waarlik die Seun van God én Mens is. Hulle beweer dat 75% van alle Suid-Afrikaners hierdie geloof aanhang en hulleself Christene noem. Die vraag is of dit

voldoende is vir jou vryspraak? Kan hierdie geloof jou in die hemel bring? Ware Christenskap behels ’n persoonlike verhouding met Jesus. Dit bly egter nie maar net by ‘n innerlike ding nie maar dit moet tot uiting kom in konkrete dade. Wanneer jy begin om liefde uit te leef op ‘n manier wat ander mense se lewens fisies aanraak, word jou geloof sigbaar. Die feit is dat jou liefdesoptrede God sigbaar maak vir mense op aarde!

Dit is juis wanneer gelowiges liefdeloos optree wat die werk van Jesus skade ly. Oor hierdie onderwerp praat Johannes onder meer in sy eerste brief. Daar was leerstellige verskille wat aanleiding gegee het tot wrywing, gevolglik het sommige gemeentelede hulle eie paadjie begin loop. Tweespalt in ‘n gemeente verlam die gemeente tot só ‘n mate dat liefde totaal verdwyn.

Uit Johannes se briewe kan ons sekere afleidings maak oor wat in die gemeente aan die gang was. Sommige het ‘n probleem

gehad oor die menswording van Jesus asook oor die praktiese lewe van die gelowige. Hulle het geglo dat wanneer jy die salwing van die Heilige Gees het, is jy sondeloos want dan het jy mos volledige kennis. Boonop het hulle lewens gladnie hulle geloof weerspieël nie. Hulle wou nie aanvaar dat Jesus werklik mens geword het om vir ons sondes te sterf en sodoende vergifnis en vryspraak te bewerkstellig nie. Hulle het soos die Grieke met hulle gnostisisme geredeneer dat hulle Goddelike saad ontvang het deur die Heilige Gees en dus nie kon sondig nie. Daarom het hulle ook nie Jesus se versoening en vergifnis nodig gehad nie. Gevolglik was hulle kennis van God sodanig dat dit oorbodig was dat hulle dade hulle geloof moes weerspieël. Dieselfde gnostisisme slaan vandag dikwels nog steeds deur!

Johannes wou perspektief gee oor die persoon van Jesus en wou die verdraaide persepsies van die gnostisiste aan die kaak stel en wys waaroor dit werklik in die geloof gaan.

Jy moet die drie briewe van Johannes as ‘n eenheid lees, want 2 en 3 Johannes maak nie werklik sin voordat jy 1 Johannes gelees het nie. Dit wil voorkom asof 1 Johannes aan die breë gemeenskap geskryf is, terwyl 2 Johannes aan ‘n spesifieke gemeente gerig is en 3 Johannes ’n persoonlike brief aan Gaius.

Daar is natuurlik ook ‘n groot ooreenkoms tussen 1 Johannes en die Evangelie van Johannes. 1 Johannes is amper ‘n verduidelikende kommentaar op die Evangelie van Johannes. Dit is opvallend in die groot ooreenkoms in die beskrywing van die mensgeworde Jesus. Dit is veral die inleiding wat jou dadelik tref, byna 'n woordelikse herhaling van Johannes 1:1. Verder word Jesus se afskeidsgesprekke in Johannes 15-17 pragtig verduidelik in 1 Johannes.

Ek nooi jou uit om saam met my hierdie geestelike reis deur Johannes se briewe te neem!

Gebed:

Heilige Gees, my gebed is dat u die skille van my oë sal afhaal sodat ek die ware boodskap van hierdie wonderlike boek kan sien en beleef!

# 2

# Stille Nag

## 1 Johannes 1:1 - Hy is die Woord, die Lewe!

**VIDEO | OUDIO**

Dis stil, dood, doodstil in die Bos - dit is nou Marloth Park se Bos, waar ons destyds ons boshuisie gehad het. Ver, baie ver dreun die groot krokodilrivier saggies. Die gesellige ou vuurtjie se vlammetjie maak allerhande patrone: feëtjies wat op ‘n stomp dans, ‘n erdvark met sy lang snoet en ‘n gloeiende rooi oog.......

Die nag is donker en skrikwekkend. Hugge-hugge brul-lag ‘n seekoei vulgêr en onbeskof. Die kolganse babbel onbedaarlik in Egipties en skel op mekaar oor die een die ander se persoonlike spasie binnedring. Buite die ligkring van die vuurtjie is dit stikdonker nag. Iets beweeg daar in die onsienbare, tasbare duisternis. 'n Takkie kraak. Dan stilte. Oorverdowende stilte! Ek en Mosbolletjie sit elkeen met ons eie

gedagtes. ‘n Ongemaklikheid bly aan my binneste knaag. Oorkant die Groot Krokodil brul ‘n leeu innig, diep, saggies met groot gesag. ‘n Sagte, koel luggie stoot op vanuit die rivier. Dis asof ek die sagte stem van God daarin hoor: “Moenie bekommer nie - Ek is in beheer!” ‘n Groot rustigheid daal oor my gemoed. God ís inderdáád in beheer van alles!

Stille nag, bosveld nag;
alles rus, God hou wag.
Slegs ‘n leeu wat in eensaamheid brul.
Heel die veld is in duister gehul.
God se vrede oor alles;
Jesus se vrede oor ons**.**

Ek maak my dikgeslaapte oë oop, eers die een, dan moeisaam die ander een. ‘n Helder rooi bal loer tussen die blinkblaar wag-’n-bietjie se takke deur. Die oggendstond het mos goud in die mond, het hy nie?! Ek neem kennis, draai my om en slaap verder! 'n Volle uur later sleep ek myself met groot moeite uit die kooi en gaan sit op die stoep, vol afwagting vir wat die dag my gaan bied. Nou

moet die voëls in hulle hordes op ons toesak. Maar helaas - nie eers 'n piepgeluidjie nie! Ons strooi mieliepitte en hang appels in die bome op om die veervolkies te lok, maar verniet: niemand wil byt aan die aas nie.

Skielik verskyn ‘n koedoekoei asof uit die niet, stap van boom tot boom en pluk al ons appels af. As hulle in 'n streep in haar keelgat af verdwyn het, kom staan sy hier reg voor my. Haar reuse weemoedige oë is soos diep, donker poele wat smeek vir nog ‘n ietsie om te eet. Sy probeer my skuldig laat voel sodat ek nog appels moet gaan haal. Haar soebatgesig pleit: “Dis droog. Niks kos in die veld nie!”

‘n Plooigesig vlakvark met knoetse soos jong boomstompe op sy bakkies en ‘n stel formidabele slagtande kom tel die mieliepitte op wat vir die voëls bedoel was. Laatmiddag, as die maroela se skadus lank rek, bars daar ‘n verskriklike kakofonie los: die einde van die wêreld het aangebreek! ‘n Koor van doodsbenoude bobbejaanstemme vanuit die reuse ou Trosvy langs die rivier. Kleintjies gil,

Pa dreig, Ma soebat. Leeu? Dalk luiperd? Ons kan maar net wonder.......

Oorverdowend val die rooi son tussen die doringbome in. Desperaat gryp-gryp sy strale na die dag wat verby is. Dan nag, pikdonker, skrikwekkend. Ek gooi haastig ‘n vuurtjie aanmekaar en die vlammetjies bring verligting. Koning Leeu se gesagwekkende brulle weergalm oor die stil bosveld. Ons ís mos veilig op die stoep, nie waar nie? Die Here is my Herder, al gaan ek ook deur ‘n dal van doodskaduwee, ek sal nie bang wees nie........ Die brulle tril deur die stilte en bly hang swaar in die donker nag.

Op die kole sis ‘n worsie: koedoewors! Ek voel half skuldig as ek terugdink aan die koedoekoei se smekende ogies vanoggend. ‘n Vrugtevlermuis fladder ‘n paar keer verby. Die bleek stokkiesbene van ‘n duikertjie neem vorm aan op die buiterand van die ligkring. 'n Nagapie bons soos 'n rubberbal deur die takke en kom land voor die stoep in die rooiboswilg. Duikertjie se maatjie staan ook nader terwyl nagapie se maatjies soos

springmielies in ‘n warm pot rondspring. Die vrugtevlermuis maak weer grasieus sy buiging met deurskynende vlerke.

Dan stilte. Almal is weg. Ek en Mosbolletjie bly alleen oor met ons gedagtes. Alleen? Nee! Die Skepper van dit alles wat ons beleef het, is hier by my! Hoe asemrowend God se skeppingswerke! En hierdie dinge gee Hy vir my om my daaraan te herinner dat Hy groot en almagtig is en oneindig vol liefde, en dat Hy inderdáád die Woord en die Lewe is. Van Sy lof sal ek sing met my hele hart!

Stille nag, Bosveld nag.
Oor die veld, soet en sag,
klink die fluist’ring van God se gena’
veertjie-lig op die aandwind gedra.
God hou immer die wag,
God hóú immer die wag!

Gebed:

Majesteit, glansryke heerlikheid! Vanoggend wil ek Jesus, die Koning hulde bewys!

# 3

# Jesus Is Lewe

# 1 Johannes 1:1-4

**VIDEO | OUDIO**

Gerugte doen die rondte dat Jesus nooit fisies bestaan het nie, maar dat dít wat in die Bybel oor Hom geskryf is geestelik gesien moet word, amper iets soos 'n gedig. Ander slim mense wil weer beweer dat Jesus wél 2000 jaar gelede geleef het en dat Hy ook gekruisig en begrawe is, maar dat Hy nooit uit die graf opgestaan het nie. Hy het slegs in die harte van Sy dissipels opgestaan!

Vandag het ons die wonderlike voorreg om uit die pen van Johannes die volle waarheid te kan lees. Vir drie jaar lank was hy elke dag in Jesus se geselskap. Hy het saam met Jesus gewoon, geleef en gewerk. Hy praat dus met die grootste gesag moontlik oor Jesus. Met sy eie twee oë het hy gesien wat Jesus doen. Hy het al die wonderwerke en genesings beleef, selfs dooies wat lewendig gemaak is. Met sy eie twee hande het hy aan

Jesus gevat. Jesus was nie ‘n geestelike wese nie maar ‘n konkrete werklikheid, ‘n mens in vlees en bloed. Met sy eie twee ore het Johannes en sy mede-dissipels die verstommende uitsprake van Jesus aangehoor, die wonderlike gelykenisse wat Hy vertel het wat die skares aan Sy lippe laat hang het. Die raak antwoorde elke keer as die geleerdes Hom probeer vastrek het, was asemrowend! Die hoogtepunt was egter daardie preek op die berg wat na 2000 jaar steeds weergalm en mense se harte diep aanraak!

Van dáárdie Jesus getuig Johannes dat hy nie anders kon as om tot die besef te kom dat, alhoewel Hy mens was, Hy ook waarlik God is. Hy was van die begin af reeds daar. Wanneer daardie begin was - dit kan géén menseverstand verwerk nie want dit is in die vergetelheid van tyd. Dit was vóór enige tyd en selfs vóór die skepping, selfs voordat daar nog énigiets was. Jesus, saam met die Vader en die Heilige Gees het alles wat bestaan, die onmeetlike groot heelal, die aarde en uiteindelik ook die mens geskep. Slegs ‘n

gek en dwaas sal dit nie glo nie! Saam met die skepping het ook lewe gekom, lewe wat Hy geskep het. Maar nog baie belangriker: Hy het ook die ewige lewe gegee, lewe wat sal voortduur tot in alle ewigheid!

Sonder die geloof dat daar ‘n ewige lewe is, is die lewe op aarde absoluut sinneloos. Die gedagte aan ‘n ewige lewe gee sin aan alles. Dit spoor jou aan om ook daardie intieme, persoonlike verhouding met die lewende Jesus te hê wat Johannes gehad het. Johannes borrel behóórlik oor van opgewondenheid as hy praat van sy verhouding met Jesus en hy wil dit met almal deel. Hy wil ook dat ons daardie opgewondenheid met mekaar deel. Jy bedryf jou geloofslewe op twee vlakke, horisontaal en vertikaal. As jy na ‘n kruis kyk, dan sien jy eerste die paal wat hemelwaarts reik. Net so moet jy ‘n vertikale verhouding met God hê. Maar soos die horisontale dwarsbalk van die kruis toon, is jou verhouding met God onlosmaaklik van ‘n verhouding met mense rondom jou. ‘n Verhouding met Jesus is nie

‘n alleen-verhouding nie, maar behels ook mede-gelowiges sowél as ongelowiges.

Wanneer jy ‘n ware intieme verhouding met God het, kan dit nie anders nie as om oor te loop in ‘n borrelende blydskap. Dankie tóg dat daardie dae verby is toe almal gedink het dat wanneer jy die kerkgebou binnestap, dan moet jy jou stroewe kerkgesig opsit en jy durf nie eers glimlag nie. Onthou jy nog?

Ek kan nie wág dit dit Sondagoggend moet word nie, want vir my is ‘n Erediens op Ballito elke Sondag ‘n héérlike belewenis. Wanneer jy die kerkgebou instap, wag daar ‘n paar stralende gesigte op jou om jou welkom te heet! Nie aangeplakte glimlaggies nie, maar gelowiges wat oorborrel van lewensvreugde! Jy voel sommer dadelik lus vir die erediens.....

Die musiekspan is hart en siel in alles wat hulle doen en jy voel sommer die warm liefde straal wanneer hulle die gemeente lei in lofprysing en aanbidding. Hulle het waarlik die kuns aangeleer om ‘n atmosfeer van aanbidding in die gemeente te skep!

Ná die erediens wil niemand huistoe gaan nie. Almal sit op die vrolike bankies onder die ou groot vyeboom en koffie drink en kuier vir wie-weet hoe lank, want dis héérlik om deel te wees van God se gesin!

Dit is ’n wonderlike en baie opwindende wete dat blydskap en vreugde nie maar iets is wat eendag gaan gebeur in die hiernamaals nie, maar dat ons dit reeds nóú kan ervaar. Die Ewige Lewe is ook nie iets vir die eendag nie maar jy het reeds die Ewige Lewe die dag wanneer Jesus deel word van jou lewe. In 1 Joh. 1:1-4 verduidelik Johannes dat Jesus mens geword het en dat die gevolg daarvan is dat ek en jy lewe en blydskap kan hê. Die feit is dat Lewe die resultaat is van hierdie openbaring en dat blydskap tot stand kom wanneer gelowiges dit met mekaar deel en só gemeenskap tot stand bring. Die gemeenskap waarvan hier gepraat word is tussen gelowiges maar ook tussen ons en God sodat daar 'n verbondenheid is tussen ons en God.

Gebed:

Here, ek wil U loof en prys en dank. Dit borrel in my, want Jesus lééf en Hy het my lief!

# 4

# Lig en Duisternis

# 1 Johannes 1:5-2:2

**VIDEO | OUDIO**

Ek het grootgeword in die era van kerse en paraffienlampe. Op ons plaas by Waterval Boven was daar aanvanklik nie die luukse van elektrisiteit nie, dus was ons aangewese op ‘n ou vlammetjie om vir ons lig te verskaf. Buiten die kerse en gewone ou paraffienlampies was daar natuurlik ook die hoogs-temperamentele “Aladdin” lampe. Sy vlammetjie het gebrand onder ‘n ragfyn asbessakkie wat aan ‘n klein raamwerk geheg was. Hierdie sakkie het gegloei en ‘n helder lig verskaf. As die vlammetjie te klein gedraai was, het die sakkie nie verhit nie en dan was daar nie lig nie. As die vlammetjie egter net so ‘n aks te groot gedraai was, het die sakkie pikswart gebrand en dan was dit ure se geduldige werk om die sakkie weer skoongebrand te kry.

Maar toe koop Oupa vir ons ‘n Lister kragopwekker. Wat ‘n wonderwerk! Lig! En dít sonder die temperamentele sakkielampe en kerse! Maar die Lister het met ‘n prys gekom. As dit saans donker raak, was dit my taak om die masjien aan die gang te kry. Met my ou dun armpies moes ek die slinger draai totdat ek naderhand lam in die knieë was en dan, sonder om spoed te verloor, moes ek ‘n hefboompie met een hand vorentoe druk en hoop dat die masjien vat, anders was dit die hele proses van vooraf oor!

Die groot riller vir my was egter die afskakel van die masjien wanneer almal al in die kooi was. Sonder om te sukkel met ‘n kers, het ek die stopknoppie gaan druk en dan gehardloop so vinnig as wat my twee beentjies my kon dra terwyl die ou Lister al stadiger gedoef-doef-doef het en die ligte al flouer en flouer gegloei het. En dan, wanneer die gloeilampie in my slaapkamer sy ogies finaal geknip het, het ek met een lang sprong, reg van die deur af tot binne-in die kooi gespring sodat die pikswart-nag-donker my nie kon vang nie!

Wonderlike ding - lig! En dis presies die uitgangspunt van Johannes wanneer hy verduidelik dat, omdat God Lig is, daar absoluut géén duisternis in Hom is nie. Johannes gebruik, om die waarheid te sê die kontraste tussen lig en duisternis om te beskryf hoe die gelowige se leefstyl behoort te lyk. In vers 5-10 verduidelik hy van sonde en vergifnis uit die beeld van duisternis en lig. Hy maak 'n reeks negatiewe en positiewe stellings, soos: As jy beweer dat jy deel het aan Jesus maar jy leef in die duister, dan lieg jy mos. Maar as jy in die lig lewe, reinig Jesus jou.

Johannes se boodskap is dat die gelowige se leefstyl moet ooreenstem met die oorsprong van sy geloof. God is Lig en ons is Sy eiendom, daarom moet ons lewenswyse, optrede, dade en gedagtes natuurlik ook God se lig weerspieël. Ek kan beslis nie in God se ligkring lewe as my lewe verduister is deur sonde nie. Natúúrlik kan ons nie ontken dat sonde in 'n gelowige se lewe bestaan nie, maar wanneer ons ons sonde bely, het ons die sekerheid dat God ons vergewe. Hy het

immers vir Jesus as Middelaar aan ons gegee om ons sondes weg te neem!

Lig word simbolies verbind met egtheid, waarheid en die goeie. In die Ou Testament word God met lig geassosieer. Kyk byvoorbeeld na die skeppingsverhaal waar lig geskep word selfs nog voor die son, maan en sterre. In teenstelling hiermee beeld duisternis valsheid, onegtheid en die bose uit. Het jy al gevoel watter bose, yskoue rilling ‘n pikdonker nag op ‘n plaas, agter jou rugstring kan laat afhardloop? Veral as jy by die ou spookhuis verbyloop?

Wanneer daar sonde in jou lewe is, kan jy beslis onsekerheid in jou geloofslewe beleef. Sonde bring ‘n skeiding tussen jou en God. Deur sonde te doen, bou jy ‘n muur tussen jou en God wat keer dat God se lig jou lewe verlig. Let wel: dis jý wat die muur bou en níé God nie! Natúúrlik kan géén mens beweer dat hy nie sonde doen nie, maar God verwag van ons om uit die duisternis te tree en doelbewus weg te beweeg van die sonde af. Dan moet jy ‘n egte, intieme, persoonlike

verhouding met Hom aanknoop. Wanneer dit gebeur, beweeg die sonde soos ‘n donker skaduwee vanself by die agterdeur uit.

Natuurlik gebeur dit nie pynloos nie en daar is ‘n prys te betaal. Ons kan nie maar net vergeet dat ons sonde gedoen het nie, maar jy moet jou sondes bely. Wanneer jy dit doen en erken dat jy gesondig het en berou het daaroor, beteken dit dat jy verantwoordelikheid daarvoor aanvaar. Terselfdertyd erken jy God ook werklik as die God van die Lig, díé Een wat getrou is en wat versoening gedoen het vir jou sondes op Golgota.

Wanneer jou verhouding met God reg is, volg die ander stap in jou lewe om ook jou verhouding met jou medegelowiges reg te kry. Om ‘n persoonlike verhouding met medegelowiges te hê, beteken nie alleen om liefde uit te leef nie maar om saam met mekaar die verlossing van Jesus Christus te beleef. Wanneer dit gebeur, sien jy hoedat God die skeidingsmuur wat ons gebou het

afbreek sodat Sy wonderbare lig ons ganse lewe kan verlig!

Gebed:

Here, ek moet vanoggend met droefheid bely dat daar nog soveel sonde in my lewe is. Help my asseblief om daarmee te breek sodat ek in U lig kan wandel!

## 5

## Ken Jy God?

## 1 Johannes 2:3-11

**VIDEO | OUDIO**

My diensplígdae het in relatiewe vrede gebeur. Daar was nog nie ‘n grensoorlog nie en natuurlik was die tweede wêreldoorlog toe al jare verby (ek is darem nou nie só oud nie!) Diensplig was vir die oorgrote meerderheid troepies ‘n nare ding waar ons teen ons wil ingedruk was en wat ons so gou moontlik wou verbykry met die absolute minimum moeite, iets waarin ek nogal baie goed geslaag het! As jy jouself uit die een of ander taak kon uitwurm, dan het jy dit gedoen. Met oorgawe! Die moordende wagstaan dwarsdeur die nag, dikwels in gietende reën in ‘n voertuigpark vol stokou vragmotors en spoke wat die deure vir jou oopmaak, was ‘n meulsteen om jou nek. Waarvoor en teen watter vyand moes ons in elkgeval hierdie hoop gemors bewaak? En dan was daar die drilwerk waar die gehate sersant ons gedryf het tot ons neerslaan. Die

sin daarvan kon ek net nie insien nie! Hoë offisiere soos die brigadier of generaal, dié het ons nooit met ‘n oog gesien nie. Hulle was baie ver verhewe bo ons. Daar was in elkgeval géén liefde verlore tussen ons nie!

Uiteindelik was die nege maande verby. Maar toe kom tien jaar van drieweek-kampe, waar jou kosbare verlof opgeoffer moes word om die een of ander simpel offisier in die stowwerige vlaktes van Potchefstroom te gaan gelukkig hou. Die offisiere het vanuit hulle gemakstoele ons arme troepies in die verdorde aarde in verskree, terwyl ons moes krepeer van die ellende!

Maar een kamp was anders: Dit het begin toe ‘n verskriklike storm ons amper weggespoel het. Bevrees het ek in my tent gelê en wag vir die ergste om te gebeur. Toe hoor ek die stem van ons kamp bevelvoerder wat in die gietende reën van tent na tent loop om te verneem of ons troepies kop bo water gehou het. Deur sy opofferende aksie het ons soveel respek gekry vir die man, dat ons vir die res van die kamp ons beste gelewer

het om dit suksesvol te maak. Deur die duur van die kamp het ons hom leer ken as iemand wat waarlik vir ons omgegee het. Vir ons troepies was die kamp ‘n plesier en ons het dit geniet om ons take met oorgawe deur te voer. Vir ons bevelvoerder sou ons énigiets doen!

Vanoggend is die brandende vraag: Ken jy God? Dalk sou jy antwoord: “Wat vir ‘n soort van vraag is dit dan? Natuurlik ken ek Hom!” Dink eers mooi voordat jy te vinnig antwoord. Vir baie gelowiges is God Iemand daar bó, baie hoog verhewe bo ons nietige aardse wesens. Dikwels doen gelowiges die absolute minimum om God maar net so op ‘n manier gelukkig te hou - jy gaan kerk toe, lees die Bybel, prewel ‘n gebed en sing in die kerk. Jy probeer sonde vermy, anders kan jy dalk gestraf word!

As dit is hoe jy God ken, dan wag daar ‘n groot verrassing op jou! God is in die eerste plek nie soos daardie generaal wat homself verhef bo die armsalige troepies nie, maar Hy bemoei Hom met my en jou persoonlik.

Hy gee waarlik om vir ons. In Jesus Christus en die Heilige Gees is God by en in ons. Wanneer ons nood beleef is Hy daar om ons hand vas te hou en ons te dra. Wanneer ons vreugde beleef is Hy met ons om dit te deel. Hy is immers ons Vader, ons "Pappa". Die vraag is hoe ek en jy reageer op God se persoonlike handelinge en aandag met ons. Doen ons slegs die minimum om die straf vry te spring?

Net so terloops: God straf nie gelowiges nie!

As ons God waarlik ken, sal ons mos alles in die stryd werp om Hom gelukkig te maak. Nie om onsself daardeur te bevoordeel nie maar omdat ons gesien het dat Hy bereid was om Homself vir ons op te offer. Uit suiwer dankbaarheid sal dit vir ons net lekker wees om te doen wat Hy vra, soos byvoorbeeld om Sy gebooie te onderhou. Die vraag is: wat is God se gebooie? "Jy mag nie doodslaan nie; jy mag nie steel nie; jy mag nie....." Nee!

God se gebooie kan in een enkele woordjie opgesom word: **LIEFDE!** As jy waarlik vir God lief is, sal jy beslis niemand anders dien

of aanbid as God alleen nie. Die okkulte dinge soos byvoorbeeld die sterrevoorspellings sal uit jou lewe verdwyn, want dit is soos om ander gode te aanbid. Natúúrlik sal jy dan God se heilige Naam met respek en eerbied gebruik. En as jy daardie selfde liefde toepas op jou medemens sal jy niks doen om enigiemand te benadeel nie. Jy sal nie steel, seermaak, skinder, egbreuk pleeg of wat-ookal nie, maar jy sal eerder aktief daarna streef om goed te doen aan almal wat oor jou pad kom!

Die natuurlike uitvloeisel uit so ‘n dankbaarheidslewe is dat daar ‘n besonderse liefdesband sal groei tussen jou en ander gelowiges, want hulle is jou familie. Hulle is jou boeties en sussies in Jesus. Ten spyte daarvan dat ons nie almal dieselfde dink oor alles nie, bind daardie familieband ons met ‘n liefde wat alleen in Jesus, ons Verlosser en Saligmaker moontlik is.

Ken jy waarlik vir God? Dan kan jy nie anders as om Sy gebooie te onderhou nie!

Gebed:

Here, dankie vir die wonderlike voorreg wat U my gegee het om U te kan ken. Wys my asseblief hoe ek U beter kan dien!

# 6

## ‘n Lied vir Jou

## 1 Johannes 2:12-17

**VIDEO | OUDIO**

Onthou jy nog die gedigte uit jou skooldae? Natuurlik sal jy hulle onthou! Die Vlakte, Skoppensboer, Eensaamheid, Slaap, Dis al, Vergewe en vergeet, Die roos.... En natuurlik daardie treffende gedig, Winternag van Eugène Marais:

O koud is die windjie, en skraal.
En blink in die dof-lig en kaal,
so wyd as die Heer se genade,
lê die velde in sterlig en skade.
En hoog in die rande,
versprei in die brande,
is die grassaad aan roere
soos winkende hande.

Is dit nie mooi nie? Dit raak mos jou siel aan! Dit bring beelde in jou gedagtes op van sterverligte velde op ’n helder maanligaand, van wuiwende grasvlaktes. Jy hoor die rooijakkals se lied waar hy met sy maat

gesels. Dikwels maal die woorde van 'n gedig wat ek vyftig jaar gelede geleer het deur my kop.

Dit is dan geen wonder nie dat Johannes 'n gedig gebruik om ’n wonderlike waarheid aan sy lesers tuis te bring. Hierdie gedig sal hulle vir lank onthou. Ongelukkig is dit bitter moeilik om ‘n gedig te vertaal. Ek dink as Johannes dit in Afrikaans geskryf het, sou 1 Joh. 2:12-14 dalk so gelyk het:

Jy, my liewe kindjie, vrees tog nou nie meer;
Jou sondes is vergewe - Jesus kry die eer.
Jou pappa ken vir Jesus van hy ‘n seuntjie was,
En regdeur al die jare hou Hy sy hand steeds vas.
Die Bose staan verbysterd, sy moed is baie min,
Want jy liewe jongmens het Satan reeds oorwin!
God is onse Vader - sê dit oor en oor!
Hy woon hier in ons harte en almal moet dit hoor!
En Jesus, ons Verlosser - gely op Golgota

om al my baie sondes én joune óók te dra.
Wees sterk dan, liewe jongmens -
wees sterk in God die Heer
Met Sý Krag en Sy Waarheid sál jy die Bose keer!

Sal dit nie wonderlik wees as ’n mens die Woord van die Here soos ‘n gedig in jou hart kan skryf nie? 'n Gedig wat gedurig deur jou kop maal en wat jou deur die dag aan Hom herinner en wat jy altyd onthou. Of dalk nóg beter: eerder soos ‘n liedjie wat jy net nie uit jou gedagtes kan kry nie. Heeldag lank word jy daaraan herinner. En as die lewe swaar druk, dan is hierdie woorde in jou gedagtes vir jou ‘n troos want dan wéét jy dat God nie net naby is nie, maar reg by jou en in jou deur die Heilige Gees. Hy hou jou styf vas teen Sy bors en gee jou krag en moed om jou deur die moeilikste van tye te dra!

Maar die Woord is nie net 'n troos om ons aan God se teenwoordigheid te herinner nie. Daardie selfde lied moet ons ook herinner aan hoe die Here graag wil hê dat ons moet

lewe. Dat ons liefde moet uitleef teenoor God en ons medemens.

Ek het ‘n liedjie geskryf oor 1 Korintiërs 13

Engeletale, galmsimbale,
het ek nie liefde dan maak ek geraas.
Waar is my vriend'likheid, waar my geduld?
Daarsonder is ek by liefde in skuld!
Grootpraat en afguns en daarby verwaandheid,
eie belang soek, o die lig-liggeraaktheid!
Boekhou van kwade en bly oor die onreg.
Met dit in my lewe is die liefde net skoon weg!
Maar liefde:
Dit jubel en dit lag as die waarheid seëvier.
Is verdraagsaam, onverganklik, groter as alles hier.
Profesieë sal vergaan, tale ophou bestaan,
Maar liefde dié sal vir ewig bestaan.
Liefde sal nooit as te nimmer vergaan.

Jy kan na 'n opname van die liedjie luister by **bit.ly/engeletale**

As jou lewe gevul is met die “gedig” van God se liefde en genade, sal daar nie meer plek

wees vir die drog-gedigte van sondige begeertes en wêreldse dinge nie. Jy kan nie Mandolientjie en Majesteit gelyk sing nie, nie eers in jou gedagtes nie! Net so sal die sonde al meer uit jou lewe verdwyn namate jy jou lewe vul met God se liefde.

Dit is tóg interessant dat jy gewone prosa baie gou vergeet. ‘n Gedig onthou jy egter baie lank en boonop bly gedigte relevant, selfs honderde jare nadat hulle geskryf is, terwyl prosa baie gou sy waarde verloor. Net so is die wêreldse dinge maar van korte duur maar die Goddelike bly vir ewig relevant. Die gedig van God se liefde sal vir ewig deur die sale van die heelal weergalm, selfs lank nadat die aarde nie eers meer bestaan nie.

Vandag moet ek myself vra wat die belangrikste dinge in my lewe is? Is dit rykdom, wêreldse plesier of skoonheid? Is dit 'n twyfelagtige vriendekring, aanvaarding of sakesukses? Of is dit dalk eerder om God te dien en Sy liefde uit te leef ten spyte van verwerping deur my vriende, of dalk met die gevolg dat ek vervolging in die gesig staar?

Laasgenoemde is soos daardie gedig wat ewigheidswaarde het.

Gebed:

Here, ek wil my lewe ‘n gedig maak tot eer van U grote Naam!

# 7

# Antichriste en Gelowiges

# 1 Johannes 2:18-27

**VIDEO | OUDIO**

Die antichris is ‘n onderwerp waaroor daar al baie boeke geskryf is en waaroor daar baie bespiegel is. Baie mense het gereken dat Nero die antichris was, of Hitler. Selfs sommige Amerikaanse presidente is al uitgesonder om die antichris te wees. In die fliek: "The gods must be crazy" het een kêrel sy gehawende ou Landrover die antichris genoem omdat hy die arme man se geloof so verskriklik beproef het! Wie is hy, of wie sal hy wees? Nee, ons weet nie. Wat wel ter sake is, is die “baie antichriste” waarvan Johannes skryf in vers 18. Hy skets ‘n kontras tussen die antichriste en die gelowiges om eerstens te sê dat 'n gelowige baie versigtig moet wees vir dwalings. Maar in die tweede plek gebruik hy ook hierdie kontras om te toon hoedanig ons lewens as gelowiges moet wees.

Wie is die antichriste waarvan Johannes hier skryf? Ek stuur eenmaal vir iemand wat nie op my normale versendingslys is nie, 'n dagstukkie. Sy reaksie was bitsig: hoe durf ek dit waag om vir hom sulke “snert” te stuur? Hy sê dat ek nie sommer net kan aanneem dat alle mense Christene is nie en nie nou moet staan en van hom ‘n Christen probeer maak nie! Hy was sommer boos!

Is dít dalk die soort van antichriste waarvan Johannes skryf? Nee, hy is bloot ‘n ongelowige wat weier om te luister na die Evangelie. Daar is miljoene sulke mense en die sendelinge se primêre taak is om juis húlle met die Evangelie te probeer bereik. Die antichriste waarvan Johannes skryf is egter mense wat reeds die Evangelie gehoor het en wat deel geword het van die Christelike gemeenskap. Vanuit die binnekring van die gemeente, uit eie geledere waar jy dit die minste verwag, verraai hulle vir Christus en rig reuse skade aan!

Hoe is dit dan moontlik? Iemand wat Jesus aanvaar het kan tog nie uit Sy hand weggeruk word nie? Baie waar, maar wat het met Judas Iskariot gebeur? Hy was deel van Jesus se intieme groepie dissipels. Hy sou later 'n apostel word. Hy het elke dag saam met Jesus geloop, Sy wonderdade gesien, Sy boodskap oor en oor gehoor. Nogtans het hy vir Jesus op die mees verraderlike wyse verkoop, verraai. Ons sou dalk wou sê dat Judas darem 'n héél ander geval was! Maar was dit werklik soveel anders?

Ek dink Judas het ander aspirasies vir Jesus gehad. Hy het Jesus dalk as politieke figuur gesien wat Israel van die Romeine sou verlos. Toe Judas begin agterkom dat Jesus iets totaal anders beplan, het hy teen Hom gedraai. Dalk wou hy met sy verraad vir Jesus probeer dwing om tot aksie oor te gaan. Hy het Jesus nie gesien vir die Persoon wat Hy waarlik was nie. Gebeur dit nie ook dikwels in die kerk nie? Dink maar: waarom aanbid ons God? Natúúrlik suiwer uit liefde en dankbaarheid vir wat Hy alles vir ons gedoen het! Hy is immers die Koning van

alle konings! Wat daarvan as jy God aanbid om Hom te probeer manipuleer tot jou eie voordeel? Dit klink kras, maar dit gebeur dikwels! God moet net regstaan en spring om te voorsien in jou eie behoeftes en wanneer dit nie gebeur nie, is jy kwaad vir die kerk wat kwansuis ‘n halwe waarheid verkondig. Hulle is net ‘n spul skynheiliges! Jy vat jou goedjies en loop en dan beswadder jy daardie klomp “heilige koeie!” Hierdie is die antichriste waarteen Johannes waarsku. Sondae sit hulle dikwels saam met jou in die kerkbanke!

Hoe lyk die lewe van ‘n ware gelowige? Hy is in die eerste plek deur Christus gesalf met die Heilige Gees. So sê Johannes in vers 20 en 21. God het Sélf deur die Heilige Gees jou as gelowige bevestig of verseël in Christus om ‘n intieme, persoonlike verhouding met Hom te hê en om nie toe te gee aan dwalinge nie. In ‘n hegte geloofsverhouding met Jesus is daar nie plek vir ‘n dwaalleer oor Christus nie! Dwaling kom van die antichris af. In teenstelling hiermee moet die gelowige streef na ware geloofskennis deur die Heilige Gees.

Die vraag word dikwels gevra oor die vervulling met die Heilige Gees en daar is verskillende sieninge hieroor. Jy word vervul met die Gees die dag wanneer Jesus in jou lewe kom. Ek wil dit vergelyk met ‘n emmer (jou lewe) waarin ‘n klomp klippe (sonde) is. Wanneer Jesus die dag jou Verlosser word, word jou lewensemmer volgegooi met die Heilige Gees. Hoe meer klippe (sondes) jy uitgooi, hoe meer plek is daar in jou lewensemmer vir die Heilige Gees en hoe duideliker kan jy Hom hoor en ervaar. Sonder Jesus kan die Heilige Gees nie in jou lewensemmertjie wees nie. En sonder die inwoning van die Heilige Gees sal Jesus ook nie by jou wees nie want Hulle is onlosmaaklik, saam met die Vader die enigste ware God. Kindskap van God en ‘n intieme, persoonlike verhouding met die Vader en die Seun is dus alleenlik moontlik wanneer die Heilige Gees jou onderrig. In hierdie noue geloofsverbintenis met Jesus Christus ondervind ek en jy as gelowiges die leiding en begeleiding van die Heilige Gees.

Gebed:

Here, help my asseblief om van daardie sondeklippe ontslae te raak sodat ek die Stem van die Heilige Gees duidelik in my lewe kan hoor!

# 8

# Drakensberge

## 1 Johannes 2:28-3:10

**VIDEO | OUDIO**

Ek was jonk en vol lewenslus en die hunkering na avontuur het gebruis deur my jong are. Toe die voorbokke van die kerk se jongklomp in Durban dus die dag die idee kry om die Drakensberge te gaan uitklim, was ek voor in die koor om saam te gaan. Louis (Snor) Fourie en Arthur (Stinkie) Pringle het al voorheen die Groot Draak aangedurf en nou moet hulle ons ander voorberei op die vier dae van klim. Hoe nader die dag kom, hoe groter raak die opgewondenheid.

Wanneer ons die koue, nat oggend pikdonker uit Durban vertrek, het elkeen van die 21 stappers al ‘n hele fiksmaak-program deurgewerk. Ek spring op en af van opgewondenheid maar terselfdertyd knaag die onsekerheid aan my - gaan ek dit ooit maak? Wanneer ons begin stap, sak daar ‘n ysige reëntjie oor ons uit. Die eerste paar

kilometer gaan dit draf-draf, maar dan begin my bene moeg raak. Die opdraendes word al hoe steiler en die rugsak met vier dae se voorraad, klere en ‘n tent word al hoe swaarder. My voete is seer en die aanhoudende reën maak die wêreld amper onbegaanbaar glad. Die wonderlike uitsig wat ek beloof is, gebeur nie want ‘n misgordyn verberg dit.

Een van die meisies se voete gee moeilikheid en die safari word oneindig vertraag. Dit is al laatmiddag as ons Boesmanspas aandurf, die laaste pas na bo. Die klim is bitter steil en klipperig, maar my gevoel is dat ons darem nou al amper héél bo moet wees. En dan skielik word die misgordyn oopgetrek. Voor ons troon vertikale kranse hemelwaarts. My oog volg die ongenaakbare rotsmuur op, op, op tot amper in die oneindigheid. My moed sak in my skoene. Moet ons nog tot daar héél bo? Ek sal dit nooit, óóit maak nie! Die nag oorval ons en ons is genoodsaak om kamp te maak teen die onherbergsame pas. Daar is nie grond om op te slaap nie, net klippe. Dis

bitter koud, ver onder vriespunt. Ek verlang na my bed!

Dag twee begin met ‘n uitmergelende klouter teen die rotsbesaaide Boesmanspas op. Ek sukkel om asem te kry. Suurstof is bitter skaars daar bo. En dan is daar boonop daardie ewige misbank wat alles om jou toemaak! Dan hoor ek die voorste ouens skree: “Ons is bo!” Ek kry nuwe moed. Aanhou, vasbyt, deurdruk! Uiteindelik bo! Vol verwagting wag ons dat die misbank lig. En dan, soos ‘n teater gordyn word dit vir ons oopgeskuif. Ek snak na my asem. Reg voor ons is ‘n loodregte afgrond, ‘n kilometer hoog. Ons kyk uit oor die hele Natal. Asemrowend, onbeskryflik mooi! Alles was deur en deur die moeite werd! Wat ‘n verruklike gesig!

Johannes beskryf daardie "eendag" waarna ek en jy kan uitsien, die dag wanneer ons “soos Jesus” sal wees. As jong gelowige bruis daar ook ‘n opgewondenheid deur jou are, net soos die dag toe ek hoor van die berge. In jou geestesoog lyk die pad besaai

met roosblare en al wat jy sien is die einddoel. Maar dan begin jy die geloofspad loop. Weldra kom jy agter dat dit al hoe moeiliker en moeiliker raak. Jy word moeg en dikwels trek daardie misgordyn van onsekerheid om jou toe. Dis beslis nie maklik nie! Johannes wil ons hier moed inpraat. Hy sê ons moenie moed verloor nie. Ja, ons sal beslis die aanslae van die bose en die antichris beleef maar ons moet deurdruk want die einde is naby. Ons moet volhard in ons geloofsvertroue op Jesus Christus en in Hom bly. Alhoewel die pad na bo glad en steil en vol klippe is, moet ons net in Jesus se “voetpaadjie” bly loop.

Ons mag dalk by ‘n punt kom waar ons opgewonde dink dat die einde uiteindelik aangebreek het. Ons sug as ons die onverbiddelike kranse voor ons sien. Dan moet ons net weer vasklou aan die groot liefde wat Jesus aan ons bewys het. Moenie dat die kranse van die lewe jou intimideer en laat omdraai, terug na die sonde nie, maar hou al die tyd in gedagte dat jy God se kind geword het uit Sy groot genade en liefde. Byt

vas en oorwin die rotsblokke van die sonde wat jou pad na Bo versper.

Inderdaad hang die misgordyn gedurig om jou, sodat jy nie kan sien waarheen jy wáárlik op pad is nie. Ons kan maar net in ons geestesoog die wonderlike beskrywing van die nuwe Jerusalem sien, soos Johannes dit in Openbaring aan ons beskryf. Ons moet dus in daardie verwagting van die wonderlike, onbeskryflike wat op ons wag, leef en aanhou veg teen die sonde. Ons moet besef dat dit die duiwel is wat die sondeklippe oor ons lewenspad kom strooi het en juis dáárom moet ons die sonde oorwin. Sonde is immers God se vyand én ons s'n!

Dalk is jy nou besig om die Boesmanspas van jou geloofslewe uit te klouter. Dalk voel dit soms of jy nie meer asem het vir die laaste, steil, amper-onklimbare stukkie pad nie. Dalk raak jy moedeloos omdat die misgordyn van onsekerheid jou toevou. Weet dan vandag verséker dat die wonderlikste, onbeskryflike, asemrowende lewe vir ewig

aan die voete van God saam met Jesus daar bo op jou wag!

Gebed:

Here, gee my asseblief die moed en deursettingsvermoë om vas te byt en die pad voluit te klim tot eer van U grote Naam!

# 9

# Broederliefde

# 1 Johannes 3:11-17

**VIDEO | OUDIO**

Om die optrede van mense teenoor mekaar in die Bybelse tyd te verstaan, moet ons begryp watter geweldige invloed 'n groep mense wat verwant was aan mekaar op mekaar gehad het. Vir die Jode en ook meeste ander nasies rondom die Middellandse See was die gesin die eerste staalsterk band. Gesinslede het deur dik en dun bymekaar gestaan en absoluut niks kon gesinslede teen mekaar laat draai nie. As die een swaargekry het, het die ander hom gehelp. Die gesin het ook die ooms, tantes, neefs en niggies ingesluit. Die tweede band, amper nét so sterk soos die eerste, was dié van volksgenote. Veral onder die Jode was hierdie band staalsterk. Het jy aan 'n mede-Jood gevat dan het jy aan my gevat! Jou volk is in der waarheid jou uitgebreide gesin. Vandag is daardie band nog steeds nét so

sterk en die Jode sorg stééds vir mekaar asof vir eie familie.

Ongelukkig het dit soms gebeur dat ‘n gesin skeefgetrek het, en dan was daar probleme, sommer gróót probleme! Die heel eerste gesin wat so geval het was Adam en Eva s’n. Jaloesie het ‘n moordkuil gemaak van Ouboet Kain se hart en die gevolg was dat hy sy eie broer vermoor het. Die geliefde koning van Israel, Dawid, het sélf liederlike gesinsprobleme gehad. Dawid se seun, Amnon het verlief geraak op sy halfsuster Tamar. Op ‘n slinkse manier het hy haar na sy kamer gelok en haar verkrag. Haar broer, Absalom was hieroor só woedend dat hy sy halfbroer, Amnon vermoor het. Uiteindelik het hierdie haat so verskriklik uitgekring dat dit gelei het tot ‘n staatsgreep, burgeroorlog en uiteindelik tot Absalom en ’n groot klomp onskuldige mense se dood!

Teenoor die gesin wat skeefloop staan die gesin wat vir mekaar omgee tot die dood toe, dáár waar die liefdesband sterker as staal is. Selfs wanneer een van die gesinslede lelik

struikel, sal die res hom verdedig met hulle lewens, al weet hulle dat hy skuldig is. Johannes noem sy mede-Christene broers, want al is hulle saamgestel uit ‘n bonte laslappie-kombers van nasies, het hulle één gemeenskaplike Broer: Jesus. Dit maak hulle dus ‘n gesin. Om deel te word van hierdie gesin, gebeur nie sommer maar net nie. In jou aardse gesin het jy ‘n lid geword deurdat jou ma geboorte aan jou geskenk het. Daar is ook ‘n geboorteproses waardeur jy gaan om deel te word van die geestelike gesin: die wedergeboorte deur die Heilige Gees. Dit maak jou ‘n volwaardige lid van die groot gesin van God die Vader. Binne hierdie gesin moet daar natuurlik, net soos in die bloed-gesin, ‘n onlosmaaklike band van liefde wees teenoor mekaar.

Hierdie liefdesband kom op sy sterkste na vore wanneer daar ernstige vervolging van Christene is. Ons het gesien hoe sterk hierdie band kan wees onder die vervolging van Nero. Ons het dit weer gesien destyds met die verdrukking van Christene in kommunistiese Rusland waar gelowiges

letterlik hulle lewens vir mekaar opgeoffer het. Die talle verhale van uiterste liefde gedurende hierdie verskriklike tye, bring trane in jou oë. Vandag gaan dit voort in talle lande, soos Noord-Korea en veral waar Moslem-oorheersing die botoon voer.

Daar is drie soorte liefde wat in ‘n gelowige se lewe teenwoordig moet wees. Die eerste is natuurlik die allesoorheersende liefde vir God. Die tweede is ‘n naasteliefde soos wat Jesus dit beskryf het in die gelykenis van die barmhartige Samaritaan. Dit is ‘n praktiese omgee-liefde vir jou medemens, al is hy ook ‘n veragte, 'n ongelowige of selfs jou vyand. Die derde is die liefde wat Johannes hier noem, die broederliefde vir jou medegelowige. Hierdie is ‘n liefde wat allesomvattend en uit God gebore is. Dit is ‘n liefde wat vergewe wanneer jou broer teenoor jou sondig en ten spyte van sy swakhede steeds deur dik en dun by hom of haar staan.

Hoe groot moet die liefde werklik wees? Jesus het die voorbeeld kom stel toe Hy

absoluut alles opgegee het om die groot versoeningsdaad te kom doen. Hy het Homself verneder deur ‘n mens te word. Hy was aanvanklik eers ‘n kind wat deur volwassenes bloot as eiendom beskou is. Later het Hy ‘n brandarm "straatprediker" geword wat dikwels in die veld moes slaap. Hy is verwerp deur Sy eie gesin en verraai en verloën deur Sy eie intieme vriendekring. Hy is wreedaardig op die mees vernederende, pynlike, vervloekte manier tereggestel, alles vir Sy gesin, ek en jy! Natuurlik verwag Hy nooit dat ons presies dieselfde sal doen nie want dit is nie menslik moontlik nie. Maar ons moet strewe na daardie liefde wat Hy openbaar het.

As daardie soort liefde vir ons medegelowiges in ons teenwoordig is, sal daar nie plek wees vir haat, twis, jaloesie, skinder en kwaadpraat teenoor ons broers en susters in Jesus nie. Maar dit durf ook nie net by ‘n gevoel bly nie. Hierdie liefde moet ook konkreet en prakties uitgeleef word deurdat ons positief vir mekaar sorg. Wanneer iemand swaarkry behoort dit net natuurlik te

wees om te help waar ons kan. Op hierdie manier kom die liefde van God tot volle uiting in ons lewens!

Gebed:

Here, daar is steeds soveel liefdeloosheid in my lewe. Leer my asseblief om waarlik lief te hê!

# 10

# Gewetenswroeging

# 1 Johannes 3:18-24

**VIDEO | OUDIO**

Die Sondagoggend breek aan met ‘n wind wat loei om die hoeke van die huis. Die vorige aand het ek maar laat in die kooi gekom en ek sukkel om wakker te kom. Dit kos slegs één kyk deur die venster om my die kombers tot teen my neus te laat optrek. Die reën kom in emmersvol af en dis bitter koud.

“Vanoggend gaan ek nie kerk toe nie,” kreun ek en draai my op my sy om verder te slaap. Maar skielik het die slaap my verlaat en ek is nugter wakker! Stadigaan begin daar ‘n knop op die krop van my maag vorm aanneem. ‘n Stemmetjie iewers agter in my kop knaag aan my: “Jy gaan braai! Die Here gaan jou straf as jy nie vanoggend jou plekkie in die kerk volsit nie!”

En so kou my gewete aan my en maak my rasend gek. Ek voel skuldig want ek het nie

gedoen wat van my verwag word nie. Teen die aand is ek skoon siek en my gewete gil hard en duidelik vir my: “Ja, ek het jou mos gesê! Dit het jy nou daarvan! Jy moes geluister het!”

Vanoggend wil ek ‘n uiters kontroversiële vraag vra en ek weet al by voorbaat dat ek hiervoor gebraai gaan word! Maar dan weet ek ten minste dat ek ‘n paar ouens aan die dink gesit het. My vraag: “Is my gewete die stem van God?”

As ek Johannes se redenasie reg verstaan, dan moet ek onomwonde sê dat, anders as wat ek geleer is, dit nie noodwendig God se stem is nie. Luister mooi wat Johannes sê: “As ons gewete ons veroordeel - God is groter as ons gewete, en Hy weet alles.”

Nou wat is my gewete dan as dit nie die stem van die Heilige Gees is nie? Hierdie gewete waarvan Johannes skryf is ‘n selfveroordelende skuldgevoel wanneer jy nie jou plig nakom om te doen wat God van jou vra nie. As gelowige kan ek met groot vrymoedigheid sonder so ‘n gewetenslas of

skuldgevoel gaan. As kind van God kry ek sekuriteit en geloof in God en in die proses kry ek totale gemoedsrus. Paulus skryf wél in Rom 9:1 dat die Heilige Gees met my praat deur my gewete. Dus moet ek mooi luister wat God se stem is en wat nie!

Om God se gebooie te gehoorsaam is nie ‘n voorwaarde vir Sy vryspraak nie, maar ‘n vrug van die persoonlike verhouding wat ek met God het. Dit is ‘n natuurlike uitvloeisel uit daardie verhouding. Wat beteken dit om God se gebooie te gehoorsaam? Om liefde uit te leef teenoor God en my medemens.

Dis alles goed en wel om mooipraatjies te maak oor liefde en om die uitnemendheid daarvan te besing en vir mekaar te vertel hoe wonderlik die liefde is. Maar liefde is nes ‘n rowwe fô-baai-fô wat net in die stad sit en mooi lyk en nooit enige rowwe paaie aandurf nie. ‘n Veldvoertuig is gemaak om die ongetemde aan te durf en presies net só is die liefde daar om prakties tot uiting te kom in die plekke waar dit saakmaak.

Om liefde konkreet uit te leef, doen drie dinge. Eerstens vereer ons God daarmee, want dit is een manier om vir Hom dankie te sê vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Tweedens maak dit dat jy tot nut is vir jou medemens en derdens doen dit ook iets vir jou innerlike sélf. Wanneer jy in opregtheid jou liefde uitleef, versterk dit jou geloof want dan sê jou gewete vir jou dat jy waarlik aan God behoort. Dit is nie maar net ‘n teoretiese “miskien” nie.

Hoe leef ons liefde prakties uit? Mense het verskillende talente en sterkpunte. Gewoonlik is dit juis dáárdie talente wat God wil hê dat jy moet gebruik om jou liefde prakties te maak. Vir die een persoon kom dit natúúrlik om iemand te troos, moed in te praat of dalk maar net ‘n skouer te wees waarop sy kan huil of ‘n oor om te luister terwyl sy haar hart kan uitpraat. Vir iemand anders weer sal dit wees om ‘n sopkombuis te bedryf waar wêreldse nood verlig kan word. Dit is juis op hierdie plekke waar die nood op sy hoogste is, waar mense se harte uiters ontvanklik is vir die Evangelie. ‘n Ander manier om liefde

prakties uit te leef, is om ‘n borrelende blydskap in jou werkplek of waar jy ookal gaan uit te straal. Nie alleen doen dit wondere aan jou eie gemoed nie maar dit is wonderlik aansteeklik. Almal rondom jou is naderhand opgeruimd en voel goed oor die lewe, al druk die laste dalk swaar. Ek pak my trollie af by die supermark en die meisie by die betaalpunt glimlag vriendelik. Toe vertel ek haar dat sy die mooiste innemende glimlag het. Onmiddellik straal haar gesig en daai glimlag trek sommer rondom! Haar vervelige dag het in 'n jubeldag verander net oor 'n eenvoudige opmerking wat ek gemaak het! Vra die Here om jou te wys hoe jy liefde kan uitleef.

Om liefde prakties uit te leef, beteken ook dat ons God se gebooie sal gehoorsaam. Dit help nie dat jy ‘n wonderlike humanis is wat jou afsloof om mense in nood te help en God word op die agtergrond geskuif nie. Onthou net dat ons nie God se gebooie nakom om vryspraak te verkry nie. Dit gebeur slegs deur Sy groot genade. Ons onderhou egter God se gebooie uit liefde teenoor Hom en uit

dankbaarheid vir Sy verlossing. Deur dit te doen is daar ook ‘n bonus: dit herinner jou gedurig daaraan dat jy God se kind is. Dit maak ter selfder tyd dat alle twyfel asook daardie slegte gewete wat dreig om jou aan te kla, by die venster uitvlieg!

Gebed:

Here, wys my asseblief vandag op watter maniere ek U liefde kan uitleef, en versterk my deur U Heilige Gees om dit te kan deurvoer!

# 11

# Vals Profete

# 1 Johannes 4:1-6

**VIDEO | OUDIO**

Die klokkie by die buitehek lui. Ek loer by die voordeur uit, oortuig dat dit weer iemand is wat besems smous. Maar dan sien ek dat dit ‘n man en vrou is wat baie netjies aangetrek is. Ingedagte druk ek die knoppie om die hek vir hulle oop te maak. En eers as hulle op pad is na die voordeur toe, dring die besef tot my deur dat ek die hek vir daardie mense oopgemaak het wat so knaend van deur tot deur loop om die boodskap te verkondig van die God wie se Naam slegs ‘n uitgesoekte klompie uitverkorenes ken.

Ek kan myself skop, maar nou is dit te laat en vriendelik nooi ek hulle maar binne. Die man beduie na ‘n pamflet in sy hand en val sommer weg met: “Wat is jou opinie van die wêreldse regering wat oor ons aangestel is?”

Uit dure ondervinding weet ek mos dat hulle gladnie oor regerings wil praat nie, maar

hierdie is net ‘n aanknopingspunt om oor iets baie dieper te gesels. Ek stop die man nét daar: “Kyk, ek weet waaroor jy eintlik met my wil gesels, maar ek wéét wat ek glo en jy sal my nie anders oortuig nie! Of kan ek jóú dalk oorreed om anders te glo?” En daarmee draai hulle teleurgesteld om en loop.

Die Jehovah’s Getuies is maar een van die “valse profete” wat vandag die lewe versuur vir die gelowiges. En moenie dink dat hulle nie gelowiges oorrompel met hulle valse lering nie. Ek was ‘n tyd gelede in ‘n lang gesprek met ‘n man en vrou oor geloofsake. Nodeloos om te sê, kon die een die ander nie oortuig nie. Wat my egter opgeval het was dat die vrou eenmaal ‘n aktiewe lidmaat was van die NG Kerk en dat sy deur die Getuies oortuig is dat sy al die jare verkeerd geglo het. Moet hulle nie ligtelik opneem nie! Hulle oorredingsvermoë is bitter gevaarlik! As jy dan met hulle móét praat, moet jy dóódseker wees dat jou eie geloof eenhonderd persent rotsvas is en dat jy jouself vooraf baie deeglik voorberei het op presies wat hulle glo en wat hulle dwaalleer is.

Waaraan herken ons ‘n vals profeet? Johannes verduidelik dit in baie eenvoudige terme, dat ons nie elkeen wat sê dat hy die Gees van God in hom het, moet glo nie. “Ondersoek elkeen,” maan hy. Jy moet weet met wie jy te doene het. Die belangrikste kenmerk van ‘n vals profeet, volgens Johannes, is dat hulle nie bely dat Jesus waarlik die Christus is wat mens geword het nie. Nou, kom ons toets dit ‘n bietjie aan die Getuies: Vra jy hulle reguit of hulle in Jesus glo as die Christus, dan sal hulle onomwonde “Ja!” antwoord. Maar dan is hulle mos nie vals profete nie? Maar kom ons krap ‘n bietjie dieper. Johannes het in sy Evangelie se inleiding beskryf presies wat hy bedoel met Jesus as die Christus: “In die begin was die Woord (Jesus) daar, en die Woord was by God, en die Woord was self God.” In kort gestel: Jesus is waarlik God. Hier begin hulle rondtrippel: “Nee, nee! Jesus kon onmoontlik nie waarlik God wees nie, maar wél ‘n Goddelike wese, soos ‘n verhewe soort engel. Hy is die Seun van God, net soos ons ook almal maar kinders van God is....”

Op daardie punt het hulle die toets alreeds gedop, want hulle erken nie vir Jesus vir Wie Hy werklik is nie. Hulle is nie die enigste valse profete nie - daar is talle ander, soos die sogenaamde Nuwe Hervormers wat gelowiges vergiftig met hulle Godslasterlike uitsprake van “moderne teologie.” Húlle beskou ek ook as valse profete. Hulle bevraagteken onder meer Jesus se maagdelike geboorte en Sy opstanding uit die dood. “Jesus het net in die harte van Sy dissipels opgestaan,” wil hulle beweer. Dit is nie dieselfde Jesus waarvan ek in die Bybel lees nie! My Jesus het nie in die graf agtergebly nie - my Jesus lewe!

Al die vals leerstellings daar buite maak jou beangs. Dit gryp jou aan die hart en laat jou in ‘n koue sweet uitslaan. Maar dit is totaal onnodig! Johannes sê dat gelowiges aan God behoort en dat Hy wat in ons is, alreeds die vals profete oorwin het. As gelowiges versterk ons mekaar in Jesus. Dit is die gelowige wat homself onttrek uit die gemeente wat die gevaar loop om deur die vals profeet oorrompel te word. Dit is dus van

uiterste belang om ten volle by jou gemeente in te skakel en aktief deel te neem in die gemeente se werksaamhede. Moenie die eredienste misloop nie. Dit gaan nie net oor die preek of boodskap nie. Dit gaan oor gemeentelede wat met mekaar praat en mekaar bemoedig. Dit gaan oor die wonderlike voorreg om saam met ander gelowiges as ‘n eenheid God te verheerlik, saam te bid, saam te sing, saam nagmaal te gebruik. En as iemand las het van ‘n vals profeet wat hom teister, dan is die ander daar om raad te gee en om te versterk.

Laastens wil ek sê, dat as jy dalk geteister word deur iemand wat jy vermoed ‘n vals profeet is - gesels met iemand wat jy kan vertrou en lees kommentaar van ‘n betroubare gelowige oor die onderwerp sodat jy kan weet waarmee jy te doen het. En natuurlik die héél belangrikste: Bid! Die Heilige Gees sal jou lei!

Gebed:

Here, gee my asseblief wysheid om te kan onderskei tussen die ware en die valse!

# 12

# Ware Liefde

# 1 Johannes 4:7-12

**VIDEO | OUDIO**

“Daar is niks soos ware liefde - Daar is niks so skoon, so rein!” Onthou jy nog die liedjie van die baie gewilde Groep II? Hulle het getoor met die meisies se harte! Salomo besing die liefde in sy pragtige boek, Hooglied, so mooi en eksplisiet dat daar eintlik ‘n ouderdomsbeperking op geplaas behoort te word! Oor hierdie boek is daar al baie gedebatteer en daar is verskeie menings daaroor. Dit is egter iets vir ‘n héél ander dag. Die vraag wat ons egter vanoggend wil vra is: Wat is ware liefde?

Ek onthou die pragtige fluweel kanselkleed in die kerk van my kindertyd, waar daar in die mooiste sierskrif geborduur was: “God Is Liefde.” Vir my het dit nie baie mooi sin gemaak nie, want ons kinders is gedurig gedreig met God se straf! Ek het God beleef as Iemand wat daar baie ver is en verskriklik

hoog bo ons nietige aardse wesens verhewe. En Hy staan gereed om te straf vir die geringste stout wees! Kerk was óók ‘n straf en daarom het ek in die tyd toe ek my diensplig in die weermag gedoen het, bitter selde by ‘n kerk uitgekom. Ek het myself altyd op ‘n manier daar uitgewurm!

Die vraag is dan ook al dikwels gevra of daardie woorde wat jy so dikwels op ‘n kanselkleed gesien het, dat God Liefde is, waarlik sin maak? Is dit relevant? Is God werklik Liefde? Of is Hy dalk maar net die onverbiddelike Heerser van die heelal wat absoluut geen sonde duld nie? Snaaks genoeg, het ek in my jong dae nooit getwyfel oor God se bestaan nie. Hy was vir my ‘n werklikheid. So was Jesus en die Heilige Gees ook vir my ‘n werklikheid, alhoewel ek vermoed het dat die Heilige Gees eintlik meer aan die “Apostolies” behoort het!

Die sestigerjare met sy Hippies wat liefde en verál vrye liefde gepropageer het, het my persepsie van liefde natuurlik totaal omgekrap. Aan die een kant was daar God

se onverbiddelike, streng liefde en aan die ander kant die Hippies se “make love, not war” liefde, wat gesê het dat almal vir almal moet lief wees.

Eers baie later het die waarheid van liefde my getref en vir my begin sin maak. Dit was nie genoeg dat ek maar net geweet het van liefde nie. Dit was nie genoeg dat ek slegs geweet het van God se bestaan nie. Daar was een verskriklike groot skakel wat ontbreek het: ‘n intieme, persoonlike verhouding met God. Eers was daar die ontmoeting met Jesus die dag toe die Heilige Gees my die wedergeboorte geskenk het. En toe skielik begin ek besef wat liefde waarlik is! Natuurlik is God die Bron van alle liefde en Jesus Christus is die Model waarop liefde geskoei is. Die Heilige Gees, moes ek ontdek, het nie aan die “Apostolies” behoort nie maar Hy is die Begeleier van alle gelowiges om hierdie liefde waarlik te ervaar en uit te leef deur mekaar lief te hê.

Eers tóé het ek begin besef waarom die Hippies se konsep van wees-vir-almal-lief so

verskriklik verdraaid was. Hulle liefde was gegrond op menslike liefde en natuurlik, soos almal maar al té goed weet, is menslike liefde droewiglik feilbaar! Seker dáárom dat die Hippie-beweging tot niet gegaan het! Ware liefde kan slegs gegrond wees op God as die enigste Bron.

In verskeie plekke in die Nuwe Testament kom die oproep van liefde: dat ons mekaar moet liefhê. Jesus haal die liefdesgebod aan uit die Ou Testament en dan druk Hy by verskeie geleenthede dit op Sy dissipels se harte. Hy noem dit selfs per geleentheid 'n "nuwe gebod." Daarna skryf verskillende outeurs oor hierdie liefde. Johannes herhaal dit etlike kere in hierdie brief van hom. Ons begin dus besef dat dit van uiterste belang is om liefde uit te leef. Maar die probleem is dat om lief te hê nie werklik só vanselfsprekend is nie. Vir die meeste gelowiges is dit baie moeilik om dit waarlik uit te leef.

Die feit is dat God sigbaar word op aarde deur gelowiges se opregte liefde. Dit is natuurlik die antwoord op God se groot

liefdesdaad op Golgota en dit is slegs moontlik as ‘n kind van God in ‘n intieme, persoonlike verhouding met Hom leef. As liefde nie uitgeleef word nie, is die bron-oorsaak dat daardie intieme verhouding vertroebel is of gladnie bestaan nie!

Liefde is nie maar net ‘n teoretiese iets waarvan jy praat en dit besin nie. Nee, dit is ‘n praktiese handeling. Jesus het liefde op ‘n uiters praktiese manier uitgeleef toe Hy eers al Sy tyd opgeoffer het om siekes gesond te maak en mense te leer en later die hoogste moontlike prys betaal het aan die kruis vir mense wat nie eers vir Hom omgegee het nie! Daardeur het Hy die voorbeeld gestel vir ons liefde wat net so prakties uitgeleef moet word. Liefde beteken dat dit jou iets gaan kos. Moontlik kan dit soms jou kosbare tyd, jou geld, dalk ongemak, opoffering of baie harde werk en in uiterste gevalle selfs jou lewe kos, maar dit bring ook vreugde, genoegdoening en vervulling as jy die uitwerking daarvan sien. God dóén liefde en daarom moet ons as gelowiges ook liefde dóén en dit nie maar net besin nie!

Ons moet egter te alle tye onthou dat daar slegs één enkele rede is waarom ons liefde doen en dit is uit dankbaarheid vir die groot, gróót liefde wat God aan ons bewys het.

Gebed:

Here, kweek asseblief in my ‘n ware liefde wat prakties sal dóén!

# 13

# Vrees

## 1 Johannes 4:13-18 asook Psalm 116

**VIDEO | OUDIO**

Was jy al ooit rêrag bang in jou lewe? Daagliks hoor jy van rooftogte en van die verskriklike angs waarin die slagoffers dikwels verkeer.

‘n Paar jaar gelede het ’n kêrel ‘n ander soort angs beleef toe hy deur ‘n leeu aangeval is. Die boere het ‘n leeu gejag wat ‘n klomp van hulle beeste gevang het. Dit het al begin skemer raak toe die leeu skielik op een van die manne afstorm. Alles het bitter vinnig gebeur maar hy kon ‘n skoot skiet. Dit het egter nie die leeu gestuit nie en die dierasie het op hom gespring en hom begin verskeur. Desperaat het hy die leeu se slagtande van sy kop en nek af probeer wegkeer met sy arms. Sy spoorsnyer het uiteindelik, na ‘n stuk of vyf geweerskote daarin geslaag om die leeu dood te skiet bo-op die erg-gewonde

man. Die pyn en vrees wat die arme man moes deurmaak was skrikwekkend!

Die verhaal laat my dink aan my Tant Ann. Sy was maar ‘n wilde entjie mens en toe die manne eendag besluit om te gaan jag in die Laeveld, wou sy opsluit saam. Sy was maar ‘n jong meisie en die wêreld was woes en wild, nie lank na die Boere Oorlog nie. Uiteindelik het sy haar sin gekry en sy is saam op die ossewa waarmee hulle die jagveld in is. Vanaf Machadodorp was dit etlike dae se ry om in die Laeveld te kom, maar uiteindelik het hulle kamp opgeslaan in die wildernis.

Een aand sit hulle langs die kampvuur na ‘n harde dag se jag. Een van die manne tel sy geweer op om dit skoon te maak, gereed vir die volgende dag se jag. Maar toe doen hy die ding waarteen alle jagters gewaarsku word: hy maak nie seker dat die geweer veilig is nie. Die volgende oomblik gaan daar ‘n skoot af. Die loodkoeël tref ‘n stuk yster, ontplof en skram weg en Ann word getref in

die bobeen deur hierdie stuk warrelende lood!

Skielik is alles in rep en roer. Ann se been bloei verskriklik. Die koeël het feitlik al die vleis van haar bobeen weggeblaas en hier sit hulle dae weg van enige beskawing. Hoe lank dit hulle met die ossewa geneem het om haar tot by die spoorlyn te bring, weet ek nie maar ek kan my indink deur watter verskriklike pyn sy moes gaan op die stampende ossewa deur die onherbergsame bosse. Ek kan maar net dink watter vrees haar beetgepak het terwyl sy met die verskriklike wond worstel om te bly leef!

Uiteindelik is sy per trein na ‘n hospitaaltjie in Barberton. Die verhaal het egter ook ‘n ander sy: Ann se versoek aan haar reisgenote was dat hulle vir haar geestelike liedere sou sing. Natuurlik het almal geglo dat sy enige oomblik die emmer sou skop en deur die trane was dit bitter moeilik om noot te hou. Maar Ann het saamgesing en haar liedere was vrolik en opgeruimd, ten spyte van al haar pyn en lyding. Uiteindelik het dit duidelik

geword dat dit nie Ann was wat angs beleef het nie maar haar familie saam met haar. Selfs in haar jeugdige ouderdom was sy nie bang vir die dood nie.

Ja, sy het oorleef om die verhaal persoonlik vir my te kon vertel en sy het stokoud geword!

Wat maak dat 'n mens in sulke nagmerrie-omstandighede nie bang is nie? Alleen as jy geloofsekerheid het, kan jy deur die skrikwekkendste omstandighede steeds vreesloos bly. Nee, natúúrlik kan jy dit nie vermag uit jou eie krag en uit jou eie "vaste geloof" nie. Dit is die Heilige Gees wat in jou is wat jou daardie krag gee om staande te kan bly.

Elke mens is vir iets in die lewe bang. Sommige mense wil doodgaan van vrees vir 'n spinnekop al is hy ook hóé onskuldig. Vir ander mense is dit die donker of pyn of hoogtes. Die grootste vrees wat mense egter beleef is vir die dood. Wat wag daar anderkant? Wat gaan gebeur met jou die dag as jy doodgaan? Baie mense wil gladnie eers

daaroor dink nie, want die blote gedagte is té skrikwekkend. En met reg ook so want in die Bybel word die oordeel van God baie grafies beskryf as ‘n geween en ‘n gekners van tande. Daar is die verskriklike verterende vuur van die hel en die pyn wat daarmee saamgaan en dít terwyl jy nie kan doodgaan nie, maar net aanmekaar die pyn moet verduur - dag na dag - vir ewig!

Nogtans leer Johannes vir ons dat God liefde is en dat Hy niemand wil straf nie. Daar is egter ‘n voorwaarde, dat jy moet glo in Jesus Christus, die Seun van God. God se liefde kom tot volle openbaring wanneer jy hierdie vryspraak van Hom beleef in Jesus. Dan, sê Johannes, hoef jy absoluut niks te vrees nie, want die grootste vrees, die oordeelsdag, is uit die weg geruim.

Ek en jy hoef dus nie meer bang te wees vir die oordeel van God nie omdat die volmaakte liefde die vrees uitdryf. Nee, liefde is nie volmaak op grond van die een of ander prestasie wat ons behaal het nie, maar bloot omdat God dit self deur Sy Gees in ons

wakker maak en in stand hou. En dit maak dat jy soos Tant Ann vrolik kan sing in die skadu van die dood!

Gebed:

Dankie Here, dat ek vandag nie bang hoef te wees vir die oordeelsdag nie. Dankie dat U my vrygespreek het!

# 14

# Sigbare Liefde

# 1 Johannes 4:19-5:5

**VIDEO | OUDIO**

Jy het seker al agtergekom dat ek baie lief is vir die natuur. Ek skryf baie oor die bekoring van die Laeveld se bosse, maar ek is ook nét so lief vir die see. Ek onthou een geleentheid, baie jare gelede waar die natuur my asem toet-en-taal weggeslaan het! Ek het vroeg die oggend op die rotse gestaan reg voor die ou Beacon Island Hotel in Plettenberg Baai. Skielik kom 'n reuse walvis (hulle is almal reusagtig!) te voorskyn, skaars twintig treë voor my. Hy lig sy massiewe stert hoog bo die water en dan klap hy die see oppervlak daarmee dat dit soos geweerskote weergalm oor die strand. Ek word vervul met verwondering en ontsag!

Maar dit is nie net die Goliat van die see wat my asem laat wegslaan nie - dis sommer alles! Die diepblou kleur van die see, seemeeue wat so sorgeloos rondsweef op

die oggendluggie, kleurvolle rotspoeletjies wat blink soos spieëls in die vrolike oggendson. ‘n Groepie dolfyne wat dartel in die golwe en die sandkorreltjies wat skitter soos duisende diamante. Ek beleef God se teenwoordigheid en Sy wonderbare liefde intens!

In die vorige dagstukkie het ons duidelik gesien dat die inwoning van die Heilige Gees in jou lewe maak dat jy in God bly deurdat jy Sy gebooie gehoorsaam. Die natuurlike uitvloeisel hiervan is natuurlik dat wanneer jy God se volmaakte liefde só beleef, dan is die vrees vir die oordeelsdag en die ewige verdoemenis weg en jy ervaar God se liefde intens.

Daar is egter meer aan die uitleef van jou liefde. Johannes sê dat dit noodsaaklik is dat jy jou medemens ook liefhet. As jy wil verkondig dat jy God liefhet en jy haat iemand, dan is daar baie groot fout! Dan is jy niks minder nie as ‘n infame leuenaar! In 1 Johannes 3:15 het ons die skokkende woorde gelees: “Elkeen wat sy broer haat, is

‘n moordenaar; en julle weet dat geen moordenaar die ewige lewe in hom het nie.” Sjoe! Dis harde woorde! Johannes vat nou hierdie gedagte verder as hy verduidelik dat jou liefde vir God sigbaar word wanneer jy jou medegelowige liefhet. Net soos wat ons weet dat die dag gebreek het, deur die tekens daarvan te sien in die lug, son en plante, so word ons liefde vir God sigbaar in die uiterlike tekens van ons praktiese liefde vir ons medegelowige. Johannes verduidelik dat dit nie maklik is om God waarlik lief te hê nie, want Hy is vir ons onsigbaar en ontasbaar. Ons medemens is egter ‘n konkrete wese wat ons kan sien en ervaar en dus kan jy jou liefde maklik teenoor hom uitleef. Dit is eers wanneer jy dit waarlik uit jou hart uit doen, wat jou liefde vir God begin sigbaar word. Liefde vir God en liefde vir jou medegelowige is onlosmaaklik van mekaar. Die een kan net eenvoudig nie sonder die ander nie. Dit is juis dáárom dat Jesus vir die Skrifgeleerdes gesê het, dat Liefde vir God die grootste gebod is, toe hulle Hom probeer vastrek het oor die wet. Maar Hy het verder

gesê dat die gebod oor liefde vir jou medemens gelykstaande is daaraan.

In 1 Joh. 5:1-5 beklemtoon Johannes weereens die verband tussen geloof en liefde. Geloof sonder opregte liefde is absoluut ondenkbaar. Maar die teenoorgestelde is nét so waar: ware Goddelike liefde sonder geloof is ewe ondenkbaar! Liefde vir jou medemens is met ander woorde die praktiese, sigbare manier om jou geloof te wys. Ons as kinders van God het almal dieselfde Pa en om daardie rede is ons bloedfamilie van mekaar. Ons is boeties en sussies! ‘n Onlosmaaklike liefdesband tussen ons behoort net ‘n natuurlike uitvloeisel te wees. Die geloofsband is met ander woorde terselfdertyd ook ‘n gesinsband wat die basis vorm vir ‘n liefdesband. En die egtheid daarvan word die toets vir die gelowige se liefde vir God.

Hoe sien jy dat iemand God liefhet? Aan sy leefstyl om God se gebooie te gehoorsaam. Die vraag is egter of God se gebooie nie

bitter moeilik is om na te kom nie? Inderdaad is dit nie so moeilik as wat dit lyk nie, want as kind van God deel ons in Christus se oorwinning oor die sondige wêreld. Hierdie oorwinning stel gelowiges in staat om self ook oorwinnaars oor die bose te wees. Met ander woorde, ons moet nie net uit ‘n menslike perspektief daarna kyk nie maar uit ‘n Goddelike perspektief, dat ons kinders van God is wat deur God daartoe in staat gestel word.

Ons moet dit baie duidelik verstaan dat ons gelowiges nie die wêreld kan oorwin deur die prestasie van ons eie geloof nie. Omdat ons egter ‘n geloofsverbondenheid met Jesus Christus het, deel ons in die oorwinning wat Hy behaal het. Dit is natuurlik wêreldoorwinnend! As gelowiges is ons dus deel van God se oorwinningstog deur hierdie sondige en vyandige wêreld. As jy dus weer ‘n dagbreek bewonder, dink dan daaraan dat jou liefde vir God nét só sigbaar gemaak moet word soos die kleure van die dagbreek. Maar dink ook daaraan dat God, nes die son die ware lig gee en dat Hy deur Sy

wonderbare lig reeds vir ons die oorwinning behaal het!

Gebed:

Here, help my asseblief vandag om my liefde vir U waarlik sigbaar te maak en uit te leef.

# 15

# Onsekerheid

# 1 Johannes 5:6-13

**VIDEO | OUDIO**

Onsekerheid is ‘n verskriklike ding - vra maar vir Tant Ann. Dis nou dieselfde ou tannie waaroor ek ‘n paar dae gelede geskryf het. Ann was ‘n jong meisie op Machadodorp, toe sy een mooi (romantiese) dag die man van haar drome ontmoet het. Bill was ‘n sjarmante landmeter en sommer onmiddellik het die liefde geblom. Die ongeluk was egter dat sy besoek aan Machadodorp maar van korte duur was en ‘n week later moes hy terug na die gramadoelas in Zoeloeland waar hy landmeterswerk in die St Lucia omgewing gedoen het. ‘n Jaar het verbygegaan waarin Ann en Bill slegs per brief met mekaar kon gesels. En die liefde hét geblom!

Op ‘n mooi dag besluit die tweetjies dat hulle sou trou en hulle reël dat hulle mekaar in Durban sou ontmoet. Ann, vergesel van haar suster Sarah klim op die trein na Durban en

die opgewondenheid borrel oor. Maar halfpad Durban toe tref die eerste ramp hulle: by Ladysmith is die Kliprivier in vloed en die water dreig om die treinbrug weg te spoel. Vir ‘n paar dae sit hulle en wag dat die water sodanig sak dat die trein kan oor. Uiteindelik het hulle toe darem in Durban aangekom!

In die hawestad tref die tweede ramp hulle, een nog veel erger as die eerste. Van Bill is daar geen spoor nie en boonop is daar absoluut géén manier waarop hulle hom kan kontak nie. “Hy sal kom, Sussie, jy sal sien. Hy sál kom!” bly Ann oor en oor vir Sarah sê. Die ongeluk is toe egter dat Ann nie eers meer kan onthou hoe Bill lyk nie, want hulle het mekaar maar bitter kortstondig leer ken. “Is dit nie dalk hy nie?” wonder die twee meisies oor elke mooi man wat verbyloop. Maar helaas! Geen Bill Landman nie. Uiteindelik, na ‘n week moet Sarah terug huistoe. “Bill het van jou vergeet!” is haar woorde aan haar suster. Ann besluit egter dat sy nie só maklik moed opgee nie. Sy sal vir haar Bill wag, want Bill het gesê dat hy vir haar lief is en hy het belowe dat hy met haar

sou trou. Alhoewel die onsekerheid besig is om haar op te vreet en sy boonop stoksiel alleen daar moet agterbly om te wag, bly Ann steeds vasklou aan Bill se belofte.

Uiteindelik hoor sy waarom Bill nooit opgedaag het nie: dieselfde vloede wat Ladysmith getref het, het ook Zoeloeland getref en die Umfolozi rivier is in volle vloed. Niemand kan daar deur nie. Selfs die brug is weggespoel. “As Bill nie na my toe kan kom nie, dan gaan ek maar na Bill toe!” besluit sy en sy pak die pad aan na St Lucia. By die Umfolozi gekom moet sy tot haar verdriet sien dat massas water haar skei van die oorkant. ‘n Man met ‘n roeibootjie word totaal teen sy sin en beterwete opgekommandeer om haar oor te roei. Uiteindelik betaal haar vasberadenheid en na ‘n nagmerrie bootrit kom sy in Matubatuba aan waar sy verneem waar Bill werksaam is. Die hoop het nie beskaam nie en ‘n paar dae later is die tweetjies getroud in ‘n klein sendingkerkie iewers in die St Lucia bosse!

Verskeie mense het my al vertel van die onsekerheid in hulle lewens en dat hulle nie geweet het of hulle óóit God se vryspraak het nie. Dalk loop jy vanoggend met daardie selfde vretende onsekerheid in jou gemoed rond. As dit die geval is, wil ek jou aan die hand vat en die beloftes wys wat God in die Bybel, die onfeilbare Woord van God gee.

In 1 Johannes 5:6-9 word vir ons geskets dat God in Sy almag en Sy volheid getuig dat die dinge wat hier geskryf word waar, vas en onwankelbaar is. Johannes sê dat ons baie maklik glo en aanvaar wat mense vir ons sê. As die God van Waarheid dan praat, hoeveel te meer sal ons nie Sý getuienis aanvaar nie!

Waaroor getuig God hier? Hy het ons die ewige lewe gegee. Hoe? Deur Jesus Christus, Sy Seun. Maar hoe bekom ek en jy dit? Deur in Jesus te glo. Dit beteken dat ons ‘n volle oorgawe aan Hom maak en al ons vertroue in Hom stel. Dit beteken dus basies 'n lewende verhouding met Hom. “Wie die Seun het, het die lewe.” So sê God, kort en kragtig. Maar in dieselfde asem sê Hy ook:

“Wie nie die Seun van God het nie, het ook nie die lewe nie.” As jy nog twyfel, dan moet jy jouself hierdie vraag vra: Is my geloof in Jesus gevestig of nie. As dit is, dan kan jy aan God se beloftes vasklou want dan het jy God se volle vryspraak. As jy nie glo nie, dan is dit kort en kragtig: jy is verdoem! Johannes beklemtoon God se getuienis in sy volgende sinnetjie: “Hierdie brief skrywe ek vir julle, sodat julle kan weet dat julle die ewige lewe het, julle wat in die Seun van God glo.” So eenvoudig soos dít!

As jy steeds onseker is, gaan lees dan wat God verder in Sy Woord belowe: Hand. 10:43; Joh. 5:24; Joh. 3:36; 2 Kor. 5:17; 1 Joh. 3:14; Rom. 8:16; Joh. 10:28-30; Rom. 8:1; Rom. 10:9-10; Joh. 6:47. Hoe weet ek dat hierdie dinge waar is? In Num. 23:19 lees ons van God: “God is nie ‘n mens dat Hy sou lieg nie, ‘n mens dat Hy van gedagte sou verander nie. Sou Hy iets sê en dit nie doen nie, iets belowe en dit nie uitvoer nie?” Is dit nodig dat ek enigiets meer sê as dit?

Gebed:

Here, dankie dat ek vanoggend uit U onfeilbare Woord kan weet dat ek U vryspraak het!

# 16

# Gebed

# 1 Johannes 5:14-21

**VIDEO | OUDIO**

In die laaste paar verse van Johannes se eerste brief herinner hy sy lesers weereens aan wat hulle ontvang omdat hulle kinders van God is. Die eerste sekerheid wat ons as Sy kinders het is dat ons die vrymoedigheid kan hê om na God toe te kan gaan in gebed. Maar dit is nie alleen die feit dat ons mag bid nie maar ook dat God gebed verhoor. Daar is egter ‘n paar baie belangrike dinge wat ons moet onthou oor gebed en gebedsverhoring. Gebed is ‘n intieme gesprek met God, nie ‘n rympie wat opgesê word om God tevrede te hou nie. Nog minder is gebed om ’n wenslysie af te rammel oor dit en dat wat ons graag wil hê. Ek het ook al ‘n paar keer gehoor hoedat ‘n predikant sy preek afrond met sy slotgebed en in die gebed net ‘n paar punte vir die gemeente beklemtoon sodat dit mooi vas sal staan. Dominee, gebed is ‘n

gesprek met God, nie ‘n gesprek met jou gemeente nie!

Gebed is om jou diepste versugting, jou pyn, jou blydskap, jou verwondering, jou diepste geheime met God te deel. Gebed is ook om vir God te sê wat jy van Hom dink, om Sy grootheid en almag te besing en jou te verwonder aan Sy groot genade. Gebed is om vir Hom dankie te sê vir al die ryke seëninge wat Hy oor jou lewe strooi en dat Hy in Sy groot, groot genade ook vir jou as sondige mens uit die poel van verderf kom ruk het en jou Sy kind kom maak het. Dit is om innig dankbaar te wees vir die Heilige Gees in jou lewe. Soms is gebed net bloot stilbly en die teenwoordigheid van God in te drink soos ‘n dorstige spons. Nie alleen is gebed ‘n gesprek met die Heilige God nie maar dit het ook ‘n reuse bonus: daardie gesprek verryk jou geestelik en maak jou geloof sterk. Om maar net God se heilige teenwoordigheid te ervaar en te weet dat Hy luister na jou nietige gesprek met Hom, is al klaar ‘n wonderlike opheffing van jou gemoed, al is jou gemoed ook hóé swaar.

Die vraag is of God ooit na ons gebed luister en ons gebede verhoor? Bid ek nie dalk verniet nie? Bid ek nie in ‘n vakuum in nie? Soms voel dit asof ek vir ‘n ewigheid bid oor ‘n saak maar dan gebeur daar niks! Gee God ooit wat ons vra? Kom ons kyk ‘n bietjie na ons eie menslike omstandighede. Jou klein seuntjie kom na jou toe en hy vra: “Pa, ek wil asseblief ‘n skaatsplank hê en ‘n selfoon wat internet kan doen. Én ‘n playstation. En Pa, assegrootblieftog Pa, Jannie het so ‘n klein regte egte motorfietsie - ek wil ôk ene hê, pleeeeeze Pa!” Wat gaan jou reaksie wees? As jy alles gee waarvoor hy vra, gaan jy hom ‘n reuse onreg aandoen. Hy gaan dit natuurlik nie so insien dat dit nie tot sy voordeel is om ‘n ding te kry wat hy bitter graag wil hê nie, maar jy as ouer het al deur die lewe gegaan en jy weet wat jou kind sterk gaan maak vir die lewe.

In ons verhouding met God vra ons ook dikwels vir goed wat ons bitter graag wil hê maar ons kry dit nie. Net soos die seuntjie raak ons ook dikbek of moedeloos oor ons nie kry nie en ons beskuldig God daarvan dat

Hy nie gebed verhoor nie. Verhoor God dan óóit gebed?

Ek het al duisende dagstukkies geskryf oor die afgelope paar jaar. ‘n Prestasie? Wel, daar is ‘n ou klein geheimpie: as dit nie was vir God wat elke dag my gebed verhoor en vir my die gedagtes in my hart lê om te kan skryf nie, sou ek dit nooit, óóit kon regkry nie!

Ek het die taak om Saterdae vir 'n groep Zoeloesprekende mense 'n erediens te lewer. Ek het ook al by verskeie geleenthede eredienste gelei in klein dorpies in Zoeloeland, soos Eshowe, Hluhluwe en Mtubatuba. Ek het egter nie teologiese opleiding as predikant nie en om dus 'n preek voor te berei, is beslis nie maklik nie. Dikwels moet ek worstel met 'n onderwerp. Die groot wonderwerk is egter dat God my nooit óóit teleurstel nie. Keer op keer moet ek met verwondering sien hoedat die boodskap in my gedagtes vorm aanneem. Elke keer verhoor Hy my gebed en gee Hy my die woorde om aan die gemeente oor te dra. Is dit nie gebedsverhoring nie?

Dikwels gebeur dit dat God níé gebed verhoor soos wat ons dit graag wil hê nie. Waarom? Die antwoord kry ons in 1 Johannes 5:14, waar hy skryf dat God ons gebede verhoor as ons enigiets **volgens Sy wil vra**. Soms lyk iets wat ons van God vra baie edel en goed, maar God het iets totaal anders vir ons in gedagte. Wat ons vra is dalk wel goed, maar God weet beter. Sy gedagtes is immers báie groter as ons s'n! Uit my eie lewe kan ek 'n voorbeeld noem: ek wou predikant word en die Evangelie verkondig. Alles het egter vir my skeef geloop en ek kon dit net nooit verstaan nie. Maar toe gee die Here vir my hierdie internetbediening in die plek daarvan. Die dagstukkies bereik nou gereeld duisende mense! Hoeveel mense sou na my preek geluister het as ek 'n predikant geword het? Dalk twee- of driehonderd? Inderdaad het Hy my gebed verhoor, maar op 'n baie ander manier as wat ek dit wou hê. En baie, báie beter!

Gebed:

Here, ek loof en prys U, en dank U inniglik vir die reuse voorreg om met U te mag gesels. Dankie ook dat U my gebede verhoor!

# 17

# Net ‘n Kort Briefie

# 2 Johannes

**VIDEO | OUDIO**

Met die koms van internet het ons die kuns en saam daarmee die heerlike lekkerte van briefskryf byna totaal verloor. Soms stuur iemand darem nog 'n brief per e-pos, maar selfs dít raak skaars. Ons kommunikeer per sosiale media - Twitter (nou al afgekort tot X), WhatsApp of Facebook en dan is dit meestal slegs 'n kriptiese notatjie! Die lewe het gans te gejaag geword en daar is net eenvoudig nie meer tyd om te sit en skryf nie!

Ai, ek onthou nog uit my kleintyd hoe Oupa elke oggend van die plaas af gery het poskantoor toe. Terwyl hy daar langs die posbus gestaan het, het hy hulle al een-vir-een oopgemaak en vinnig gelees. Hy kon sy nuuskierigheid net nie beteuel om nog te wag tot hy eers by die huis kom nie! Natuurlik het die briewe dan van die een na die ander gegaan totdat almal hulle ’n paar keer oor en

oor gelees het. En dan is die inhoud van die briewe tot vervelens toe bespreek!

Daardie briewe was die verlengstuk van die skrywer se persoonlikheid. Omdat hy nie persoonlik mens-tot-mens met jou kon gesels nie, het hy sy hart en siel uitgestort op die stukkie papier!

Ja, ek onthou nog so goed soos gister, toe ek in die weermag in ‘n tent op Potchefstroom se stowwerige vlaktes gesit het, dolverlief. My Mosbolletjie was bitter ver van my af en die verlange was baie groot. Saans het ek in die tent gesit en my liefde en verlange op 'n stukkie papier uitgestort. As daardie Jeep soggens in ‘n lang stofstreep van die dorp af kom, staan ek al klaar en rondtrippel van ongeduld en opgewondenheid vir ‘n brief van my geliefde! Ek het eers haar heerlike geur wat steeds kleef aan die koevert ingedrink en dit dan met bewende hande oopgemaak, vinnig deurgelees en dan onder ‘n boom gaan sit en elke woord ingedrink, oor en oor. Ai.....! Die nostalgie!

Dit was vroegoggend êrens in Klein Asië. Iemand klop aan die deur en as die vrou vir hom oopmaak, oorhandig hy ‘n papirusrolletjie aan haar, netjies opgerol en verseël met ‘n druppel was. Dis aan haar geadresseer en haar hande bewe liggies as sy die seël versigtig breek, want sy wéét sommer dat hierdie brief van gróót betekenis is! Sy is 'n gerespekteerde leier in die gemeente. “*Van die oudste*,” lees sy. “Dis van die Apostel Johannes af”, verduidelik sy onnodiglik vir die briefdraer wat beteuterd eenkant staan. “Ou man! Ou maaan! Ons het ‘n brief gekry van Johannes!” Sy is so opgewonde dat sy haar lag nie kan hou nie. “*Aan die uitverkore vrou en haar kinders,*” lees sy verder. “Ek gaan sommer dadelik die gemeente bymekaarkry,” dink sy hardop.

Dis nie juis ‘n lang brief nie. Die hele brief pas net mooi in op een standaard papirusvelletjie. Vinnig lees sy die brief deur en dan hardloop sy so vinnig as wat haar voete haar kan dra na ‘n ander gemeentelid. “Kyk net wat het ons gekry!” Sy is baie opgewonde. Die nuus versprei soos ‘n

veldbrand en daardie selfde aand nog is die hele gemeente bymekaar om te kom luister wat Johannes skryf. Baie dramaties lees die gemeenteleier die brief voor tewyl jy ‘n speld kan hoor val. Elke woord word ingedrink. Die brief word weer en wéér gelees, totdat elke stukkie simboliek uitgepluis is.

“Ja, hier het julle dit duidelik gehoor: ons moet mekaar liefhê! Apostel Johannes skryf sélf so!” lewer iemand kommentaar.

"Inderdaad! Maar moenie die waarheid vergeet nie, dis óók baie belangrik!" gee iemand anders sy bydrae.

“Ja, maar is dit nou rêrig nodig dat dit so oor en oor gesê word?” wil iemand anders weet.

“Natuurlik! Hy beklemtoon dit omdat dit so geweldig belangrik is! As daar nie liefde is nie, beteken ons geloof net mooi niks! En boonop beteken daardie liefhê óók dat ons volgens God se gebooie leef. Hier staan dit baie pertinent in die Apostel se brief!” Daar is ‘n onderlangse gebrom soos almal

saamstem dat onderlinge liefde beslis ‘n baie belangrike ding is!

“Ek verstaan nog nie mooi van die antichris nie”, kerm iemand daar uit die agterbanke uit.

“Maar het jy dan nie geluister wat Johannes skryf nie? Dis die mense wat so knaend probeer om die dinge wat ons geleer is te ondermyn. Hulle wil net hulle eie teorieë oor die Evangelie op ons probeer afdwing. Jy moenie eers jou ore aan hulle uitleen nie! Vermy hulle, want nét miskien kan hulle jou ook beïnvloed. Bly liewer heeltemal weg van hulle af.”

“Ja,” beaam een ou gryskop, “die dinge wat Johannes ons geleer het oor Christus - dít is die wáre leer van God! As jy daaraan verander dan misken jy God. Maar as jy bly vashou aan hierdie geloof en dit uitleef, erken jy eintlik God vir Wie Hy wáárlik is.”

Daardie aand word daar baie laat kerkgehou en die kort briefie met sy skamele 245 woorde word oor en oor bespreek tot in die kleinste detail. Wat Johannes op daardie

papirusrolletjie geskryf het is vandag nog nét so vars, relevant en belangrik vir my en jou, byna ‘n volle tweeduisend jaar later. Die boodskap, dat ons mekaar moet liefhê en dat ons moet wegbly van die “antichris,” staan steeds nét so vas!

Gebed:

Vader, ek dank U vir daardie briefie van Johannes. Skryf asseblief die liefde op die papirus van my hart sodat ek dit kan uitleef met alles binne in my!

# 18

# Gasvryheid

# 3 Johannes:1-8

**VIDEO | OUDIO**

3 Johannes is ‘n baie kort briefie, slegs 219 woorde lank. Anders as die meeste ander briewe in die Bybel, is hierdie brief baie persoonlik. Dis nie gerig aan ‘n gemeente nie maar aan ‘n persoon, Gaius. Johannes bedank in die brief vir Gaius omdat hy so gasvry is wanneer hy die rondreisende predikers ontvang. Dis inderdaad die klein dingetjies in die lewe wat saakmaak, soos byvoorbeeld in hierdie geval gasvryheid. Dis juis dáár waar jou Christelike leefstyl sigbaar word vir die wêreld. Deur die klein dingetjies weerspieël jy God se liefde en só word jy ‘n ambassadeur vir die Koninkryk.

Johannes skryf ook vir Gaius oor allerhande soorte berigte wat hom bereik het, goeies én slegtes. Hy het gehoor dat Gaius getrou bly aan die Evangelie, iets waaroor hy natuurlik baie dankbaar is. Hy praat ook met Gaius oor

Demetrius, 'n gemeentelid van wie almal net met groot lof praat. Aan die ander kant is daar egter Diotrofes, 'n gemeenteleier oor wie Johannes diep bekommerd is. 'n Leier moet bereid wees om gesag te aanvaar, maar Diotrofes weier om dit te doen. Boonop beskinder hy vir Johannes! Van gasvryheid teenoor rondreisende evangeliedienaars is daar by Diotrofes géén sprake nie. Dalk het hy 'n treetjie te ver gegaan toe hy in Johannes se vorige brief gelees het dat jy versigtig moet wees vir mense wat valse leringe versprei. Dalk wou hy ten alle koste verhoed dat enige vreemdeling in die gemeente kom preek, al is hy dan nou ook ‘n evangeliebediener. Ja, uit hierdie brief kom ons agter dat daar baie verskillende soorte mense in ‘n gemeente kan wees. Daar is die yweriges en gasvryes maar ook die oorversigtiges. Elkeen het sy plekkie in die gemeente. Ons moet egter versigtig wees dat ons nie met ons optrede die Evangelie skade berokken nie!

As ek maar ons eie gemeente as voorbeeld kan gebruik: Ek onthou die jare nog uiters

goed toe enigeen wat nie aan een van die drie susterskerke, NG, Gereformeerd en Hervormd behoort het nie, beskou was as "sektaries". Sulke kerke was verdoem! Uiteindelik het die AGS darem ook die status van "kerk" gehaal! Maar hulle was maar steeds met groot versigtigheid behandel. Loof die Here dat mense, veral kerkleiers se oë oopgegaan het! Dat hulle begin besef het dat almal wat die Naam van Jesus bely deel is van die gesin van God. In die NG Kerk preek daar deesdae dikwels leraars van 'n verskeidenheid ander kerke. Op hierdie manier word die bande van broederskap stewig gebind.

Maar kom ons gaan kyk 'n bietjie wat in hierdie briefie aan Gaius staan (al is dit persoonlik, sal hy nie omgee om dit met ons te deel nie!) Die skrywer stel homself voor as "Die Oudste." Dit is nie nodig vir Johannes om sy naam te skryf nie, want daar was reeds 'n pragtige verhouding tussen hom en Gaius, 'n Goddelike liefdesband. Alhoewel Gaius nie noodwendig 'n ouderling in die gemeente was nie, was hy waarlik 'n

Christen op wie jy kon steun en met ‘n ryk geestelike lewe. Dit blyk uit die feit dat Johannes vertel hoeveel blydskap Gaius se lewe hom besorg, as hy van ander mense verneem dat hy “getrou bly aan die waarheid” en “in die waarheid leef”. Gaius se belydenis en sy leefstyl is absoluut Christusgerig en mense sien dit raak. Dit het ‘n positiewe invloed op ander mense se lewens. En dit is presies waaroor Johannes se boodskap aan Gaius handel: Leef uit wat jy glo!

Nou wat het Gaius dan gedoen om Johannes se lof so te verdien? Dit was veral sy gasvryheid wat hom so vooruit geloop het! Dit was seker nie maklik daardie tyd om ‘n leraar te wees nie. Vandag word ‘n leraar in ‘n gemeente aangestel en hy kry ‘n huis en lewensonderhoud. Tóé was dit egter baie anders want hulle moes van gemeente na gemeente gaan om die Woord te bedien, waarskynlik op hulle eie koste. Verblyf was ook ‘n groot probleem en ek is seker dat hulle dikwels bloutjies geloop het of dalk baie kil ontvang was! Gaius het hulle egter met ope arms ontvang en dit vir hulle aangenaam

gemaak want hy was oortuig daarvan dat hy die regte ding gedoen het. Op hierdie manier het Gaius sy lojaliteit en verbondenheid aan die ware leer van Christus gewys deur sy onbaatsugtige liefde wat hy op hierdie manier uitgeleef het.

Iemand het eenmaal opgemerk dat hy nie kan verstaan hoe dit moontlik is dat Christene mekaar kan liefhê nog voordat hulle mekaar ken nie! Gaius se liefde vir vreemdelinge het ‘n integrale deel geword van die verspreiding van die Evangelie.

Deur hierdie briefie wil Johannes vanoggend ook op jou en my ‘n beroep doen om God se liefde uit te leef. Gaius het dit gedoen deur sy gasvryheid. Moontlik is daar ‘n héél ander manier waarop jy dit kan doen. Iemand vertel my eendag dat sy haar liefde uitgeleef het deur briewe te skryf aan gevangenes in ‘n Amerikaanse tronk. Daar is baie verskillende maniere om God se liefde sigbaar te maak aan die wêreld. Wees kreatief en vind ‘n manier om jou liefde uit te leef.

Gebed:

Here, wys my asseblief op watter manier ek U liefde vandag kan uitleef!

# 19

# Leef uit dit wat jy in Glo

# 3 Johannes:9-15

**VIDEO | OUDIO**

‘n Paar jaar gelede sit ons een oggend en ontspan op ons Boshuisie se stoep in Marloth Park. Dit is ‘n heerlike rustige oggend en alles is mooi en vreedsaam. Dalk moet ek dit eerder vreetsaam noem, want ons het appels aan die bome opgehang vir die voëls en die houtkappertjies, spreeus en neushoringvoëls val behóórlik weg aan hierdie meevallertjie. Tussen die bome deur kan ons die rooi skynsel uitmaak van ‘n paar rooibokkies wat rustig staan en wei. ‘n Hemelse, rustige prentjie en ek sak sommer ‘n bietjie dieper in my stoel in om myself gemakliker te maak.

Dan kom daar ‘n ding aangewaggel deur die gras. Ek maak die vaal vorm van ‘n vlakvarkbeer uit, maar sommer ‘n ou gróte. Hy is net so wyd as wat hy hoog is. Sy suur gevreet is besaai met die alleraakligste

knoetse en karbonkels en die keelvelle hang so drie lae opmekaar. ‘n Uitgevrete, vet vark, sou ‘n mens hom kan beskryf. Voor die stoep lê ‘n klompie mieliepitte wat ek spesiaal vir die tarentale uitgegooi het. Meneer waggel reguit daarheen en begin die pitte een vir een uit die stof uit oplek. Een ding wat my opval van hierdie vark is die onvriendelikheid wat sommer so van sy gevreet afdrup. ‘n Wrede stel slagtande plaas ‘n raam om sy nors bakkies!

Skielik kyk die ou op en gee ‘n vulgêre snork terwyl sy bloedbelope ogies die veld instaar. Ek volg sy blik en dan vang ‘n beweging my oog. ‘n Pragtige vlakvarksoggie kom aangedraf en kort op haar hakke, twee skatlike ou klein varkies, stertjies kiertsregop. Ek sit regop. Hier kom sports!

Skielik steek die soggie vas, onseker of sy welkom sal wees by die feesmaal. Ou Suurgevreet brom stywesnoet. Hy draai homself so half in haar rigting en prewel iets vir haar en ek kan duidelik hoor dat dit beslis nie romantiese woordjies is nie. Sy wil nog

vriendelik nader kom maar dan stoomroller die ou op haar af en jy sien net kleintjies spaander, stertjies soos wapperende lugdraadjies in die lug. Hulle hardloop ‘n wye draai en jy sien net klippies spat. Maar dan kom hulle weer terug. Ou Suurgevreet storm weer en dan laat hy hulle in geen onduidelike taal verstaan dat hierdie sý pitte is en dat hulle baie beslis nie welkom is nie!

Die arme ou soggie en haar kleintjies kies moedeloos en verworpe die hasepad en ou suurgevreet val met ‘n swaar sug behaaglik onder ‘n rosyntjiebos neer......

As Johannes oor Diotrofes skryf, sien ek hierdie ou nors vlakvark in my geestesoog. Diotrofes beklee ‘n gesagsposisie in die gemeente. Dalk was hy leier-ouderling of iets. Maar sy leierskap bring beroerings in die gemeente. Hy laat almal verstaan dat hý die leier is en dat hy baie gesteld is daarop. Boonop het hy ‘n hekel aan enige besoekende leraar. Hierdie klomp moet hulle neuse uit sý gemeente se sake uithou. Die wonderlike soort gasvryheid waarvan

Johannes skryf as hy van Gaius praat, díé is totaal afwesig by Diotrofes. Maar hy gaan ‘n stap verder en enigeen wat dit durf waag om een van hierdie besoekers te ontvang, word die kop gewas en hulle word botweg belet om hulle gasvryheid uit te leef. Nog erger, as iemand teen Diotrofes se bevele in gasvry is, word hy summier uit die gemeente geskop! Maar dis nie al nie - Diotrofes belaster en beswadder ook selfs vir Johannes.

“Sies!” sou ons kon sê. Maar dit dwing ons om dalk ‘n bietjie hand in eie boesem te steek en te gaan kyk hoe dit in ons eie gemeentes gaan. Belangriker nóg: ek moet kyk hoe my eie lewe lyk! Dalk gaan dit nie heeltemal so erg as met Diotrofes nie, maar jy kan so behep raak met jou eie sieninge van ‘n saak, dat jy skade kan aanrig aan die saak van die Koninkryk. Ek staan dikwels self skuldig hieraan. Ek kan so meegevoer raak deur ‘n gedagte waaraan ek werk, dat ek op ander trap om my plan deurgevoer te kry. En as dit die slag gebeur dat iemand anders se plan eerder gevolg word as myne, dan raak

ek dikbek en suur omdat ek nie my sin gekry het nie!

Dit is nou maar eenmaal so dat leierskap nie beteken dat jy die reëls neerlê en dat almal na jou pype moet dans nie. Goeie leierskap beteken eerder dat jy mense motiveer en koördineer sodat die dinge wat gedoen moet word op die beste moontlike manier klaarkom.

In ‘n laaste woordjie wil Johannes dit vir Gaius op die hart druk (en dit geld natuurlik ook vir jou en my) dat hy moet wys dat hy aan God behoort. Hoe doen jy dit? Deur nie die slegte voorbeeld van Diotrofes na te volg nie want dit weerspieël ‘n totale verkeerde gesindheid. Dit wys dat jy nie ‘n intieme persoonlike verhouding met God het nie. Daardie soort verhouding met die Here borrel uit in goeie dade. Dit is dinge soos vriendelikheid, gasvryheid, diensvaardigheid en ‘n aansteeklike blydskap wat almal in jou lewe kan sien. Laat die leuse van jou lewe word: “Leef wat jy Glo!” Dit beteken dat jy jou

geloof aktief uitleef op elke terrein van die lewe!

Gebed:

Here, leer my asseblief om U wonderbare liefde aktief uit te leef tot eer van U Naam!

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE